

# Dwaalleer in die NG Kerk

Voorlegging aan die SDK van die Hoëveld Sinode, Oktober 2012  
Dr Wynand Louw

## Inhoudsopgawe

Inleiding.....	2
1) Die aanvaarding van 'n onbybelse, anti-evangeliese, postmoderne epistemologie.....	4
Postmodernisme is die natuurlike uitvloeisel van modernisme, en is in wese maar net 'n vorm van modernisme.....	4
Postmodernisme is onverenigbaar met die Gereformeerde belydenis.....	5
Wat is die korrekte Gereformeerde epistemologie?.....	6
Was die Gereformeerde geloof ooit modernisties?.....	8
Postmodernisme is 'n lisensie om te mag lieg. ....	11
2) Die verwerping van die Goddelike inspirasie van die Bybel, en die relativering van die Bybel...	18
3) Panenteïsme: 'n Onbybelse, antichristelike wêreldbeeld.....	21
'n Definisie van panenteïsme.....	21
Panenteïsme is onverenigbaar met die Gereformeerde belydenis.....	22
Panenteïsme in die NG Kerk.....	24
4) Die teologiese gevolge van panenteïsme.....	26
1. God is nie net goed nie omdat boosheid in sy wese plaasvind.....	26
2. Die immanente god is nie alwetend en almagtig nie, omdat hy vasgevang is in die skepping.	27
3. Die sondeval word verwerp.....	30
4. Die bestaan van die duiwel word verwerp.....	34
5. Die ewige verdoemenis word verwerp.....	39
6. Christus se verlossingswerk aan die kruis word herdefinieer. ....	41
7. Christus se uniekheid word ontken.....	45
8. Christus se liggaamlike opstanding word ontken. ....	48
Slot.....	50
Notas.....	51

## Inleiding.

Daar is mense wat dwaalleer verkondig in die NG Kerk.

Hierdie dwaalleer behels drie punte

1. Die aanvaarding van 'n onbybelse, anti-evangeliese, postmoderne epistemologie.
2. Die verwerping van die Goddelike inspirasie van die Bybel op modernistiese gronde, en die relativisering van die Bybel op postmodernistiese gronde.
3. Die aanvaarding van Panenteïsme, 'n heidense wêreldbeeld wat onverenigbaar is met die Gereformeerde Christelike geloof.

Panenteïsme is niks nuuts nie. (Moenie mislei word deur die feit dat die woord eers redelik onlangs geskep is nie.) Dit het begin in die 4e eeu na Christus met Plotinus. Die Katolieke kerk het al in die 1200's vir Meister Eckart ekskommunikeer as gevolg van sy panenteïsme. Calvin het sterk daarteen gestry in sy "Institusies van die Christelike Geloof". In die verlede was dit maklik om panenteïsme uit die hoofstroom van die Christelike godsdiens te hou omdat dit duidelik onverenigbaar met die Bybel is. Modernisme en postmodernisme maak dit egter vandag vir hierdie dwaalleraars moontlik om die Bybel eerstens van sy Goddelike inspirasie te stroop (modernisme) en tweedens te relativeer (postmodernisme) tot op die punt waar 'n mens hulle nie meer op Bybels gronde kan weêrlê nie. Ongelukkig het modernisme en postmodernisme ons teologiese institusies so infiltrateer en lamgelê dat ons teoloë eenvoudig nie meer die gereedskap en Bybelse insig het om die dwaalleer die hoof te bied nie. Dit word weerspieël in die ongekende persentasie kwekelinge wat hulle geloof tydens opleiding verloor.

In vandag se postmoderne wêreld is dit dus vir panenteïste baie makliker as in die verlede om hulle heidense gif aan Christene te verkoop.

Die volgende lys is afgeleides van panenteïsme:

1. God is nie net goed nie omdat boosheid in sy wese plaasvind.
2. Die immanente god is nie alwetend en almagtig nie, omdat hy vasgevang is in die skepping.
3. Die sondeval word verwerp.
4. Die bestaan van die duivel word verwerp.
5. Die ewige verdoemenis word verwerp.
6. Christus se verlossingswerk aan die kruis word herdefinieer.
7. Christus se uniekheid word ontken.
8. Christus se liggaamlike opstanding word ontken.

Al hierdie dwalings kom in 'n mindere of meerdere mate in die NG Kerk voor op die oomblik.

Dwaalleer oenteer God. Omdat dit God oenteer, verheerlik dit die mens en die mens se sonde. Dit vernietig huwelike. Dit vernietig verhoudings, dit vernietig lewens.

En mense gaan hel toe omdat hulle dwaalleer aanhang en so God se genade in Jesus Christus verwerp.

Die doel van hierdie skrywe is eerstens om die kerk se aandag te vestig op die basiese dwalings en die afgeleide dwalings. Dit help nie daar word gestry oor bv, die bestaan van die duivel, as die

onderliggende probleem nl. ‘n heidense epistemologie en wêreldbeeld nie aangespreek word nie. Die bestaan van die duiwel is wel belangrik omdat die ontkenning van die bestaan van die duiwel ‘n verwerping van Christus se outoriteit is (Hy het gesê dat die duiwel bestaan) en ‘n verwerping van die Gereformeerde belydenis is. Daar moet egter altyd daarop gelet word waarom mense glo wat hulle glo: Wat die onderliggende wêreldbeeld en epistemologie is.

Tweedens is die doel van die skrywe om die kerk daarop te wys dat enigiemand wat gelegitimeer is in die NG Kerk, die belydenisskrifte verwerp, maar steeds aanbly in die kerk en salaris trek by die kerk bedrog pleeg.

Die plegtige legitimasië verklaring lui onder andere:

1. dat ek glo dat die leer soos vervat in die drie algemene belydenisskrifte en die drie Formuliere van Eenheid - naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis (Confessio Belgica), die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, ooreenkom met die Woord van God;
2. dat ek hierdie leer getrou sal verkondig en uitleef;
3. dat ek alle dwalinge wat met hierdie leer in stryd is, sal weêrlê en alles in my vermoë sal doen om dit uit die Kerk te weer<sup>i</sup>

Die legitimasië verklaring maak deel uit van elke predikant in die NG Kerk se dienskontrak met sy plaaslike gemeente. Iemand wat die Gereformeerde belydenis bewustelik verwerp en steeds in diens van die NG Kerk aanbly pleeg kontrakbreuk en bedrog. Hy is 'n bedrieër.

Die feit dat hulle hierdie bedrog wegredeneer op grond van hulle postmoderne epistemologie maak hulle nie minder skuldig aan bedrog nie. Die aanvaarding van die postmoderne epistemologie is in sigself ‘n verwerping van die Gereformeerde belydenis (en daarom ‘n verbreking van die legitimasië verklaring), en kan dus nie gebruik word in die rasionalisasie of regverdiging van die bedrog nie!

Ek het lank nagedink oor of ek mense se name moet noem, en woorde soos “lieg” en “bedrog” moet gebruik. My gevolgtrekking was dat dit God sou onteer as ek mense probeer tevrede stel. Mense sal in ek geval sê ek maak my skuldig aan liefdelose verdagmaking en aanstootlike leuenagtigheid, ongeag van wat ek sê.

As ek in hierdie skrywe sê iemand lieg, of verkondig leuens, of pleeg bedrog, is daar grondige bewyse en redes voor. Indien iemand kan bewys, en my daarvan kan oortuig, dat ek ‘n fout gemaak het belowe ek om in die openbaar om verskoning te vra en ‘n regstelling te maak. Maar wees gewaarsku: So ‘n bewys sal gegrond moet wees in regte grootmenswêreld epistemologie waar die werklikheid waar is, en nie in Alice-in-Wonderland postmodernistiese doublespeak fantasie nie, soos NG Kerk teoloë deesdae in uitblink nie. Ek praat van bewyse wat in ‘n siviele hof sal staan, waar die basiese reëls van rasonale denke soos die wet van nie-kontradiksie nog gehandhaaf word.

Jesus het gesê dwaalleraars is wolwe in skaapsklere wat die kudde verkeur.

Ek het al genoeg verskeurde lewens gesien as gevolg van vals teologie. Daarom sal ek aanhou stry tot eer van God en tot redding van die wat verlore gaan.

Hier staan ek. Ek kan nie anders nie. Mag God my help.

Wynand Louw

## 1) Die aanvaarding van 'n onbybelse, anti-evangeliese, postmoderne epistemologie.

### **Postmodernisme is die natuurlike uitvloeisel van modernisme, en is in wese maar net 'n vorm van modernisme.**

Modernisme stel dat alle kennis begin in die rede en ervaring van die mens. Omdat alle kennis in die mens begin, is Goddelike openbaring nie 'n geldige bron van kennis nie. Volgens modernisme is kennis seker in soverre dit deur die wetenskap en rede bewys kan word. Die moderne era is dan ook gekenmerk deur ongekenkende vertroue in die wetenskap en die mens se rede.

Modernisme het gefaal. Die rede hiervoor is dat daar besef is dat die mens se rede en ervaring feilbaar is. Uit hierdie faling van modernisme het modernisme evolueer na postmodernisme.

Postmodernisme stel, net soos modernisme dat alle kennis in die rede en ervaring van die mens begin. Net soos modernisme verwerp dit Goddelike openbaring as 'n bron van kennis.

Postmodernisme stel egter, in teenstelling met modernisme (en heeltemal korrek, indien alle kennis in die gevalle mens ontstaan) dat daar geen seker kennis kan wees nie.

Postmodernisme is niks anders as onseker modernisme nie.<sup>ii</sup>

Uit grond van hierdie onsekerheid stel postmodernisme dus die volgende:

- Daar is geen absolute of objektiewe waarheid nie. Sommige postmoderniste erken dat daar wel absolute waarheid mag wees maar dat dit dan totaal onkenbaar is.
- Alle “waarheid” is 'n konstruk van 'n spesifieke sosiale of maatskaplike sisteem. Hierdie sisteem behels onder ander die historiese, sosiale, wetenskaplike, politieke en godsdienstige agtergrond van die mense in die sisteem.
- Omdat daar talle sosiale sisteme in die geskiedenis van die mensdom bestaan en bestaan het, is daar net soveel waarheidskonstrukte as wat daar sosiale sisteme is.
- Daar is geen manier om tussen hierdie waarheidskonstrukte te diskrimineer nie, omdat daar geen betroubare maatstaf van objektiewe waarheid bestaan nie.
- Alle waarheidskonstrukte is dus ewe “waar” - vir die sosiale sisteem waarin dit funksioneer.
- Twee teenstrydige proposisies kan dus gelyktydig “waar” wees, in ag genome die sosiale sisteme waarin dié proposisies funksioneer.
- Alle kennis is onseker, daarom kan lede van een sosiale sisteem nie werklik weet wat die waarheidskonstruk van 'n ander sosiale sisteem behels nie, of toegang kry tot daardie waarheidskonstruk nie.
- As gevolg van hierdie gestelde onvermoë om toegang te kry tot die “waarheid” van ander sosiale sisteme, word die proses van dekonstruksie gebruik om onder ander andere tekste te analiseer. Volgens hierdie proses word gestel dat, omdat die respondent van 'n teks geen toegang tot die outeur se waarheidskonstruk kan hê nie, hy nooit die oorspronklike bedoeling van die outeur kan weet nie. Die respondent moet dus afleidings maak vanuit sy eie sosiale sisteem se waarheidskonstruk omtrent die eintlike bedoeling van die teks. Die teks word dus “herinterpreteer vir die nuwe konteks.” Verkillende en selfs absoluut teenstrydige verklarings van die teks kan dus almal gelyk geldige interpretasies van die teks wees.

## Postmodernisme is onverenigbaar met die Gereformeerde belydenis.

Daar bestaan wel so iets soos seker kennis, en dus objektiewe waarheid:

HK Vraag 21: Wat is 'n ware geloof?

Antwoord: 'n Ware geloof is nie alleen 'n vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het (a) vir waar aanvaar nie, maar ook 'n vaste vertrouwe (b) wat die Heilige Gees (c) deur die evangelie in my hart werk (d), naamlik dat God nie net aan ander nie, maar ook aan my uit louere genade, slegs op grond van die verdienste van Christus (e), vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid (f) geskenk het.

(a) Jak 2:19. (b) Heb 11:1, 7; Rom 4:18-21; 10:10; Ef 3:12; Heb 4:16; Jak 1:6. (c) Gal 5:22; Matt 16:17; 2 Kor 4:13; Joh 6:29; Ef 2:8; Fil 1:19; Hand 16:14. (d) Rom 1:16; 10:17; 1 Kor 1:21; Hand 10:44; 16:14. (e) Ef 2:8; Rom 3:24; 5:19; Luk 1:77, 78. (f) Rom 1:17; Gal 3:11; Heb 10:10, 38; Gal 2:16.

HK Vraag 21 stel duidelik dat seker kennis bestaan. Die aanvaarding van postmodernisme is dus 'n verwerping van die Heidelbergse Kategismus.

God is wel kenbaar volgens die belydenisskrifte, in direkte teenstelling met wat post modernisme beweer. As God kenbaar is, dan is daar so iets soos objektiewe kennis.

NGB Artikel 2. Die middele waardeur ons God ken

Ons ken Hom deur twee middele:

Ten eerste deur middel van die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld. Dit is immers voor ons oë soos 'n mooi boek waarin alle skepsels, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, duidelik laat sien, soos die apostel Paulus sê (Rom 1:20). Al die dinge is genoegsaam om die mense te oortuig en hulle alle verontskuldiging te ontnem.

Ten tweede maak Hy Hom deur sy heilige en Goddelike Woord nog duideliker en meer volkome aan ons bekend en wel so veel as wat vir ons in hierdie lewe nodig is om tot sy eer en tot die saligheid van hulle wat aan Hom behoort.

Ps 19:2; Ef 4:6; 1 Tim 2:5; Deut 6:4; Mal 2:4; 1 Kor 8:4, 6; 1 Kor 12; 1 Kor 1.

Aanvaarding van 'n postmoderne epistemologie beteken dus noodwendig 'n verwerping van die Nederlandse Geloofsbelydenis, omdat postmodernisme God as bron van kennis verwerp.

Waarheid is objektief en proposisioneel. Omdat waarheid objektief is bestaan daar so iets soos die leuen. (As die leuen geglo word, word dit nie waar omdat dit geglo word nie!) Twee teenstrydige proposisies kan nie gelyk en in die selfde verhouding waar wees nie. (Die wet van nie-kontradiksie) Hierdie veronderstellings onderlê beide die Nederandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls. Beide volg dus deurgaans die volgende formule: Die waarheid word gestel en dan word die leuen verwerp.

So 'n struktuur is totaal sinneloos indien daar geen objektiewe waarheid is nie of indien verskeie sosiale strukture se waarheidskonstrukte gelyktydig waar kan wees.

Verwys asb na die Algemene Sinode van 1998 se besluite rakende interpretasie van die belydenisskrifte: (Beklemtoning myne)

6. Die Algemene Sinode distansieer hom van die volgende pogings om die belydenisskrifte, as historiese dokumente, tog nog op 'n manier relevant vir vandag te probeer maak:

- 6.1 die standpunt dat die belydenisskrifte onderteken moet word slegs "in soverre as" (quatenus) hulle met die Skrif ooreenstem
- 6.2 die skerp onderskeiding tussen vorm en inhoud van die belydenisskrifte, asof slegs die inhoud en nie ook die vorm nie, gesaghebbend sou wees
- 6.3 die beskouing dat die belydenisskrifte as historiese beslissings vir ons 'n aanduiding kan wees van wat ons behoort te glo, sonder dat hulle normatiewe gesag in die kerk dra
- 6.4 die opvatting dat die belydenisskrifte kontekstuele geskrifte is wat in 'n bepaalde konteks kon funksioneer, maar wat vir die huidige konteks geheel en al geherinterpreteer moet word.

Die besluite maak dit duidelik dat die inhoud sowel as die vorm van die belydenisskrifte gesaghebbend is. In hierdie geval verwys die vorm, **"Ons glo proposisie A – en ons verwerp proposisie B wat proposisie A weerspreek"** na die onderliggende epistemologie van die belydenisskrifte. 'n Mens kan eenvoudig nie die belydenisskrifte losmaak van hulle epistemologie nie!

Weereens is dit duidelik dat die aanvaarding van 'n postmoderne epistemologie 'n verwerping van die belydenisskrifte is.

### **Wat is die korrekte Gereformeerde epistemologie?**

Mens hoef maar net die eerste paar hoofstukke van Calvyn se Institusies van die Christelike Geloof te lees (Wat baie goed deur Guy de Brès opgesom is in die eerste artikels van die NGB) om die volgende op te merk.

- Alle ware kennis vind sy oorsprong in God.
- Ons kan God onder andere ken deur die algemene openbaring, maw die natuur en die wetenskap. Die kennis wat ons uit die natuur kan opdoen het dus ook oorsprong in God, in die vorm van sy algemene genade.
- Die wetenskap is daar om God te verheerlik, en staan dus nie teenoor godsdiens nie maar in diens van die verheerliking van God. Calvyn gebruik die mediese wetenskap, en die ontdekkings van anatomiese studies, as bewys dat God die Skepper is. (Vergelyk die kennis ontploffing onder beroemde dokters soos Vesalius ens in Calvyn se tyd)
- As gevolg van die sondeval is die kennis wat ons uit die algemene openbaring opdoen onvolledig, gebrekkig en gekontamineer deur ons eie sonde. (Dit is dan ook die rede waarom modernisme so dramaties faal: Die mens se ervaring en rede is as gevolg van die sondeval nie meer betroubaar nie.)
- In die Bybel leer ons God intiem ken, en is alles wat ons nodig het vir 'n saligmakende kennis van God.
- God werk deur sy Heilige Gees in die uitverkorenes, en oortuig hulle van die waarheid van die Bybel.
- Omdat God die oorsprong van ware kennis is, is waarheid absoluut – dit volg logies uit God se persoonlike eienskappe.
- Kennis wat spruit uit God se besondere openbaring (die Bybel) is vas en seker, en Ursinus en Olivianus stel dit dan ook so duidelik in Vraag 21 van die Heidelbergse Kategismus.

Let op dat waarheid volgens die Gereformeerde tradisie altyd beide proposisioneel en relasioneel is.

Proposisionele waarheid is waarheid wat uitgedruk kan word as 'n stelling wat waar of vals bewys kan word, bv: “Die son gee lig” of “Die maan is van kaas gemaak.” Proposisionele waarheid is dan uiteraard ook altyd “ooreenstemmende waarheid”, met ander woorde die waarheid is in ooreenstemming met die objektiewe werklikheid. Die eerste proposisie oor die son sou dan waar wees, en die tweede oor die maan sou vals wees.

Die term “relasionele waarheid” kan meer as een ding beteken. Die term kan eerstens verwys na die verhouding tussen die waarheid en die oordragsisteam (die mense betrokke by die waarheid: die bron en respondent). Dit beteken dat waarheid altyd beïnvloed of gekontamineer word deur die oordragsisteam, in dié geval die menslike kognitiewe funksies, waarvan taal maar net een is. Waarheid is dus altyd onder andere 'n funksie van menslike kognisie. Die gevaar hier is dat ooreenstemming van die waarheid met die werklikheid ondergeskik gestel word aan die menslike kognisie.

Relasionele waarheid kan ook beteken dat ek waarheid ervaar in verhouding met iemand anders. Die stelling: “My pa kan my vang (hy is sterk genoeg) as ek uit die boom spring”, is 'n suiwer proposisioneel. Die stelling “My pa gaan my vang as ek uit die boom spring” is proposisioneel maar ook relasioneel. Dit is 'n stelling wat net gemaak kan word uit die aard van die persoonlike verhouding tussen mense, waarin die stelling funksioneer.

Dit is duidelik uit die voorbeeld dat relasionele waarheid soos hier beskryf afhanklik is van proposisionele waarheid: As die eerste stelling nie waar is nie kan die tweede stelling ook nie waar wees nie.

HK Vraag 21 is baie duidelik: Geloof is eerstens proposisionele waarheid: “Vasstaande kennis.” maar dit is ook relasionele waarheid volgens die tweede definisie: “Vaste vertrouwe.”

Dit is wel 'n feit dat die menslike kognisie altyd waarheid kontamineer. Die Gereformeerde leer is baie duidelik oor die oorsaak hiervan: Die sondeval. Die Gereformeerde leer is egter ook baie duidelik oor die oplossing: Goddelike openbaring. Goddelike openbaring veronderstel nie net die oordrag van proposisies van God na mens in menslike taal nie, dit veronderstel ook God se soewereine beheer oor menslike taal en inderdaad die totaliteit van die menslike kognitiewe sisteem. Hy is tog die Skepper van taal en kognisie!

In soverre die teologie 'n sistematiese ondersoek van God se openbaring is kan dit dus met groot vertrouwe proposisionele stellings oor God se objektiewe waarheid maak, met die voorwaarde dat dié teologiese ondersoek in verhouding met die Heilige Gees geskied. Net soos wat die Heilige Gees die bron van die Bybelteks (bv Moses of Paulus) inspireer het, is die respondent van die teks afhanklik van die Gees se inspirasie om die korrekte waarheidsproposisies uit die teks te verkry.

Die Gereformeerde Kerk in Nederland se verslag “God met ons” wat in 1980 gepuliseer is het 'n dramatiese verkuiwing in epistemologie teweeggebring. Volgens die verslag is alle waarheid relasioneel, in die sin van “gekontamineer deur menslike kognisie” soos ek dit hierbo beskryf.

'Relasionele waarheid' wil dus sê dat niemand van ons die ongekende voorreg het om die Bybel totaal onbevooroordeeld te benader nie: ons gaan na die Bybel en leef met die Bybel vanuit 'n of aangeleerde of kritiese deurdagte begrippe-apparaat oor God, openbaring, inspirasie, gesag, die Bybel sêlf ens.<sup>iii</sup>

Die probleem hiermee is dat dit die waarheid as verteenwoordiger van God se objektiewe werklikheid (die ooreenstemmingsteorie van waarheid) verskraal en onderhewig maak aan die menslike kognisie. Dit verskraal ook God se direkte, soewereine invloed op die menslike kognisie tydens die oordragsproses. Derdens beklemtoon dit die “kontaminasie” aspek van relasionele waarheid ten koste van die interpersoonlike (God met mens) verhoudingsaspek van relasionele waarheid. (Ten spyte van die feit dat die verslag klem lê op die verhouding met God gaan dit steeds meer oor die kontaminasie as oor HK 21 se “vaste vertrou”.)

Die gevolg is dat die kerklike epistemologie geplaas is op 'n glibberige glybaan na relativisme. Vergelyk hierdie stelling van Ben du Toit, (mede outeur van van Huyssteen se boek wat ek hier bo aanhaal) 18 jaar later:

“Via die modernisme het ons nou in die postmoderne tyd aangeland by die wete dat sodanige absolute kennis 'n vergissing is: Ons ken voorlopig en ons ken ten dele (in ons Godsgeloof is dit juis omdat ons met God te make het dat dit waar is!). Daarom is ons kennis relatief – soos almal s'n. Daarom het ons (godsdienstig gesproke) nie die volle waarheid in pag nie.”<sup>iv</sup>

Du Toit het in die 18 jaar tussen die eerste boek en die publikasie van die tweede boek beweeg van “relasionele waarheid” na relativistiese waarheid, en 'n ontkenning dat objektiewe waarheid enigsins bekombaar is.

Ek wil net hier noem dat dit 'n mite is dat geloof in konflik staan met die wetenskap. Die geloof staan in konflik met die moderne epistemologie. Die probeem is dat die wetenskap vandag dikwels in terme van die moderne epistemologie definieer word.

Dit is 'n vals definisie.

Die wetenskap is geensins van modernisme afhanklik nie, en kan beter funksioneer in 'n Gereformeerde epistemologie, soos Kuyper duidelik in sy “Lectures on Calvinism” bewys.<sup>v</sup>

Postmodernisme het die potensiaal om alle wetenskap te vernietig, omdat dit die grondslag van rasonale denke vernietig.

### **Was die Gereformeerde geloof ooit modernisties?**

Die leuen word ongelukkig versprei dat die Gereformeerde geloof in wese modernisties is. Beide Prof Nelus Niemandt (in sy boek “Nuwe Drome vir Nuwe Werklikhede”) en Dr Ben du Toit (in sy boek “God? Geloof in 'n postmoderne tyd”) doen moeite om hierdie mite te vestig. Die volgende ooglopend vals argument word gevoer: “Christene glo in seker kennis. Moderniste glo in seker kennis. Daarom is Christene moderniste.” Dit is so goed as om te beweer: “Stokkielekkers is rooi. Brandweerwaens is rooi. Daarom is stokkielekkers brandweerwaens.”

Die feit dat Gereformeerde Christene God sien as die bron van alle ware kennis en moderniste die mens sien as bron van alle kennis word totaal verswyg.

Niemandt skryf op bladsy 42 van sy boek “Dit wil voorkom asof die meeste Westerse kerke sukkel om die storms te hanteer omdat hulle verknog is aan die Christenheid en die modernisme.” Net so doen Dr du Toit in sy boek moeite om die indruk te skep dat ons kerk tot nou toe in wese



modernisties was.

Niks is verder van die waarheid nie. My eerste reaksie op hierdie bewerings dat die Gereformeerde kerke tot nou toe modernisties was is dat dit louter twak is: As kind het ons tog met oorgawe gesing, en is met oorgawe van die kansel gepreek: “Jesus min my salig lot, *ek weet dit uit die woord van God...*” “Jesus loves me this I know, *for the Bible tells me so...*” Hierdie “for the Bible tells me so...” is 'n radikale, onteenseglike verwerping van modernisme (en “this I know” is 'n verwerping van postmodernisme).

'n Vinnige oorsig oor die geskiedenis wys die volgende: Descartes, wat allerweë beskou word as die vader van modernisme, het sy eerste werke in die derde dekade van die 17e eeu publiseer, meer as 40 jaar na Calvyn se finale uitgawe van sy Institusies van die Christelike geloof. Die Nederlandse Geloofsbelydenis met sy opsomming van Calvyn se Godsgesentreerde epistemologie dateer uit 1561, en is 60 jaar later deur die sinode van Dordrecht as een van die Drie Formuliere van eenheid aanvaar.

Alhoewel modernisme en die Gereformeerde epistemologie dus uit die selfde era kom, (met Calvyn se formulering van die Gereformeerde epistemologie 'n paar dekades ouer) is dit duidelik dat dit altyd in konflik met mekaar was, en dat die ortodokse Gereformeerde geloof geensins die modernisme assimileer het nie.

Abraham Kuyper beskryf hierdie konflik dramaties in sy “Lectures on Calvinism”<sup>vi</sup> in 1898 en ontbloot Niemandt en du Toit se vals geskiedenis baie duidelik: (Beklemtone myne)

Far more precious to us than even the development of human life, is the crown which ennobles it, and this noble crown of life for you and for me rests in the Christian name. That crown is our common heritage. It was not from Greece or Rome that the regeneration of human life came forth;—that mighty metamorphosis dates from Bethlehem and Golgotha; and if the Reformation, in a still more special sense, claims the love of our hearts, it is because it has dispelled the clouds of sacerdotalism, and has unveiled again to fullest view the glories of the Cross. But, in deadly opposition to this Christian element, against the very Christian name, and against its salutiferous influence in every sphere of life, the storm of Modernism has now arisen with violent intensity.

In 1789 the turning point was reached.

Voltaire’s mad cry, “Down with the scoundrel,” was aimed at Christ himself, but this cry was merely the expression of the most hidden thought from which the French Revolution sprang. The fanatic outcry of another philosopher, “We no more need a God,” and the odious shibboleth, “No God, no Master,” of the Convention; —these were the sacrilegious watchwords which at that time heralded the liberation of man as an emancipation from all Divine Authority. And if, in His impenetrable wisdom, God employed the Revolution as a means by which to overthrow the tyranny of the Bourbons, and to bring a judgment on the princes who abused His nations as their footstool, nevertheless the principle of that Revolution remains thoroughly anti-Christian, and has since spread like a cancer, dissolving and undermining all that stood firm and consistent before our Christian faith.

There is no doubt then that Christianity is imperilled by great and serious dangers. Two life systems are wrestling with one another, in mortal combat. ***Modernism is bound to build a world of its own from the data of the natural man, and to construct man himself from the***

*data of nature; while, on the other hand, all those who reverently bend the knee to Christ and worship Him as the Son of the living God, and God himself, are bent upon saving the “Christian Heritage.”* This is the struggle in Europe, this is the struggle in America, and this also, is the struggle for principles in which my own country is engaged, and in which I myself have been spending all my energy for nearly forty years.

En Gresham Machen<sup>vii</sup> skryf in 1923

In the sphere of religion, in particular, the present time is a time of conflict ; the great redemptive religion which has always been known as Christianity is battling against a totally diverse type of religious belief, which is only the more destructive of the Christian faith because it makes use of traditional Christian terminology. ***This modern non-redemptive religion is called “modernism” or “liberalism.”*** (Christianity and Liberalism)

Let asb op dat ek nie ontken dat modernisme 'n invloed gehad het op Gereformeerde teologie nie. Die verwoesting wat die histories-kritiese eksegeese gesaai het is wel bekend.

Nadat hulle hierdie vals geskiedenis aan ons voorhou is, probeer beide Niemandt en du Toit ons oortuig dat, omdat modernisme so dramaties gefaal het en die wêreld nou onherroeplik postmodernisties is, ons postmodernisme moet aangryp.

Hulle verswyg egter die absoluut voor-die-handliggende: Dat postmodernisme, net soos modernisme wat so duidelik deur Kuyper en Machen ontbloot is, God as bron van kennis verwerp.

Om postmodernisme aan te bied as oplossing vir die faling van modernisme is dus oneerlik om die volgende redes:

- Die Gereformeerde geloof was nooit modernisties nie. Die ware Gereformeerde geloof was nog altyd in direkte, dodelike konflik met modernisme.
- Die probleem met postmodernisme is presies dieselfde as dié van modernisme: Die verwerping van God as 'n bron van kennis.
- Waar die modernisme dus wel die Gereformeerde kerke ingedring het en sy onberekenbare skade gedoen het, is die oplossing nie nog meer van die selfde gif (postmodernisme) nie maar 'n terugkeer na die Gereformeerde epistemologie van die Belydenisskrifte!

Hierdie konflik word duidelik illustreer deur die openbare debat tussen Prof Johan Janse van Rensburg en Dr Christo de Klerk. Dr de Klerk het die volgende 29/04/2012 op Kerkbode aanlyn gepos.<sup>viii</sup>

“Ek reageer graag soos volg op die uitnodiging van prof. Van Rensburg:

- Eers: Waarom kan ek nie met die prof in debat tree nie?  
Ons is so verwyder van mekaar oor die oorsake en aard van die probleem waarmee die kerk worstel dat dit onmoontlik is om oor moontlike oplossings te praat voordat ons nie eers hieroor met mekaar in gesprek tree nie.
- Die “oplossing” is volgens prof van Rensburg die terugkeer na die modernisme.
- Volgens my, en meeste skrywers deesdae, is die moderne epistemologie die oorsaak van die probleem en open die postmodernisme die moontlikheid om uit die slawerny van die modernisme te ontsnap.
- Volgens prof van Rensburg is die oorsaak van die probleem die mense wat postmodernisme “uitgedink” het (nie dat daar sulke mense is nie, postmodernisme

het ontstaan na 'n spontane en kollektiewe ontnugtering oor modernisme, skrywers probeer net die ontnugtering beskryf en noem dit “postmodernisme”, die uitdaging vir die kerk is om iets met die ontnugtering te doen, dit kan weggewens word nie).

- Die basiese verskil in vertrekpunte oor epistemologie maak debat onmoontlik.”

Let op dat Dr de Klerk hier die leuen van Gereformeerde modernisme verkondig: Hy beweer dat Prof Janse van Rensburg wil “terugkeer na modernisme”. Prof van Rensburg was, sover ek weet, nog nooit modernisties nie. Let ook op na Dr de Klerk se voorskrif om uit die “slawerny van modernisme” te ontsnap: Postmodernisme!

Dit is so goed as om vir iemand wat besig is om te sterf aan arseen nog arseen voor te skryf!

Hierdie uitlating van de Klerk is maar net 'n voorbeeld van hoe hierdie demoniese epistemologie die NG Kerk binnegedring het. (Demonies omdat dit 'n algehele verwerping van God as bron van kennis, en dus van sy Persoon, voorstel.) Dit getuig ook van 'n basiese, onverskoonbare onkunde oor die aard van die Gereformeerde geloof aan die kant van de Klerk.

### **Postmodernisme is 'n lisensie om te mag lieg.**

Onthou dat postmodernisme stel dat daar geen objektiewe waarheid is nie. Daar is slegs waarheidskonstrukte wat in sosiale sisteme funksioneer. Daar is geen manier om te diskrimineer tussen hierdie waarheidskonstrukte nie. Verskeie “waarhede”, selfs direk weersprekende “waarhede” kan tergelykertyd waar wees.

Vir 'n persoon wat nie kan onderskei tussen die waarheid en die leuen nie bestaan daar dus nie so iets soos lieg nie.

### **Dr Ben du Toit**

Dr Ben du Toit illustreer hierdie beginsel duidelik in sy boek “God? Geloof in 'n postmoderne tyd.” Hy skryf oor die opstanding:

“Wanneer die Christendom daarom die opstanding van Jesus as die voorloper van die opstanding van die mens (opstanding “van die vlees”, soos die Twaalf Artikels dit formuleer) bely, is dit binne die postmoderne konteks niks vreemds of onrealisties (soos dit in die rasioneel / logies behepte wetenskaplike era was) nie. Weliswaar word hier nie teruggekeer tot 'n premoderne wêreld- en lewensbeskouing nie, maar is die spirituele voortbestaan van die mens na die dood, as onvernietigbare energie wat op die een of ander manier opgeneem word in die dimensie van die Bron van alle energie (God) aangedui.” (bl 152)

Let mooi op wat Dr du Toit hier beweer

- Ons kan maar beweer dat ons die “Opstanding van die vlees” bely volgens die Twaalf Artikels.
- Dit beteken nie dat ons glo dat Jesus regtig in 'n vleislyf (“carnis” in Latyn) uit die dood opgestaan het soos die Apostolicum stel nie. “*Weliswaar word hier nie teruggekeer tot 'n premoderne wêreld- en lewensbeskouing nie...*”
- Ons weet egter ons glo in die spirituele voortbestaan van die mens na die dood in die energieveld van God, en dus nie in die “vleislyflike” opstanding van die Apostolicum nie.

Dus: Ons mag sê ons glo in die opstanding van die vlees terwyl ons weet dat ons dit eksplisiet verwerp.

En kyk hoe verwerp hy die liggaamlike opstanding in 'n onderhoud met Isak de Vries:<sup>ix</sup>

Ek het heelwat mense gevra om hulle menings oor die boek. Sommige van hulle is redelik Bybelvaste Christene en almal was dit eens dat hierdie een enkele wonder — die opstanding — se sentraliteit in Du Toit se denke opvallend, en selfs vreemd, is. Dit was dan ook een van die goed waaroor ek meer duidelikheid verlang het in ons gesprek. Du Toit erken ruitelik dat hy sy idees baseer op die Bybel, en dus grootliks Paulus se fokus op die opstanding assimileer. Hiermee ontken hy nie die historiografiese probleme waarmee die postmoderne Christen te kampe het nie (hy spel dit selfs uit in sy boek). Hy neem weer die idee van 'n onsterflike energie op toe ek hom daarvoor pols. Dat Jesus anders was na die opstanding as voor die tyd, sal hy ook aanvaar.

“Goed,” wou ek weet. “Maar wat van mense wat regtig sukkel om so ver te gaan? Wat daarvan as iemand eerder die opstanding as 'n simboliese idee sien?” Daarmee het Du Toit nie 'n probleem nie. Hy kies, binne die postmoderne onsekerhede, om sy spiritualiteit te vestig op 'n daad wat vir ons postmoderne breine moeilik mag lyk, maar sal ander toelaat om hulle spiritualiteit te vind in die ontginning van simbole. Hy voel dit moet nie 'n struikelblok wees nie.

Du Toit het dus nie 'n probleem daarmee om die opstanding net as simbolies te sien nie. Sover ek weet het hy hom nooit van hierdie opmerking van de Vries gedistansieer nie.

En tog beweer hy dat hy die belydenisskrifte onderskryf!

Hy demonstreer dieselfde manier van omgang met die waarheid in 'n onlangse persoonlike epos aan Dr Quintus Heine, wat per ongeluk in my hande beland het. Die konteks is Dr du Toit se uitsprake dat hy die bestaan van die duiwel verwerp en die gevolglike leerdwaling klag teen hom. Hierdie epos gaan spesifiek oor die appêlsaak wat daarop gevolg het.

“Ek weet nie hoe julle hierdie saak gaan hanteer nie, maar as Wynand nie tevrede gestel gaan word dat al die mense op die appèlliggaam glo in 'n persoonlike duiwel volgens die formulering van Art 12 nie, is sy dreigement van 'n siviele hofsaak nie een wat sommer geïgnoreer moet word nie.

Ek skryf net direk aan jou (nie die ander adressate van hierdie e-pos-korrespondensie nie). Ek bedoel nie om daarmee 'n amptelike bydrae tot die hele saak te maak nie. Dis (hierdie skrywe) tussen ons. Ek het Wynand se reaksie gelees – en jy weet, ek dink hy't heeltemal 'n punt beet. En dis ons skuld dat hy 'n punt beet het, want ons het nog nooit ons mense geleer dat dieselfde hermeneutiese reëls wat ons toepas vir die vertolking van die Bybel (daaroor het ons wél duidelike besluite) óók van toepassing is op die vertolking van die belydenisskrifte nie. Byvoorbeeld: in Art 4 van die NGB staan dit nog dat Moses die eerste vyf boeke van die OT geskryf het; Dawid die Psalms geskryf het; Paulus die Hebreër-geskrif geskryf het, ens. Ons weet al baie lankal dat dit nie so is nie. Maar, ons sê dit nie in die openbaar nie, want dit mag na aantasting van die gesag van die belydenis lyk. Dit beteken egter nie dat ons nou die NGB verwerp nie, maar dat ons in ons vertolking en gebruik daarvan 'n bepaalde hermeneutiese sensitiwiteit het, om dit binne die ontstaanskonteks van

die belydenisskrifte te interpreteer: toe (in die 15de eeu) is só geglo! Dit geld ook vir van die ander artikels (soos Art 12), wanneer ons met ons nuwe verkreë kennis vanuit die verskillende wetenskappe verstaan dat ook die belydenisskrifte (soos die Bybel EN alle geskrifte voor die 16/17de eeu) in 'n voor-wetenskaplike konteks ontstaan het.

Die bevindinge van die opkomende wetenskap het nog geen invloed op die formulering van die Drie Formuliere van Eenheid (1618/19) gehad nie. Dit weet ons nou. "Ons" wel, maar nie die oorgrote deel van ons lidmate nie. Selfs nie eers die meeste dominees nie! Ons kommunikeer hierdie dinge nie deur na die kerk nie. Hoekom nie? Want ons is bang daarvoor. Bang vir die gesprek. En nou sit ons met hierdie soort dreigement en verwyte. Die eerste voorlegging voor die 2007 Algemene Sinode oor die Bediening van Bevryding was 'n ernstige poging om juis hierdie benadering aan die kerk aan te bied, maar dit is terugverwys na Adrio König (van alle mense) se tirades daarteen. Ek dink nog steeds dit is die suiwerste stuk teologiese besinning in Afrikaans om hierdie hele saak aan die orde te stel. Ek kan dit weer vir jou stuur as jy sou belangstel.

Wynand se dreigement met 'n siviele saak moet ons nie met te veel selfvertroue in die wind slaan nie. 'n Hof sal dalk, omdat ons nie in ons belydenis-besluite hierdie saak duidelik geformuleer het nie, hom gelyk kon gee dat ons (die kerk) met sy besluit ongehoorsaam was aan sy eie konstitusie (belydenis). Ons het hier te doen met ons eie versuim tot inligting en opvoeding van die kerk."

(Net die ter saaklike deel van die brief word aangehaal)

Let asb op die volgende punte in die brief:

- Dit gaan daaroor of die lede van die appélliggaam glo in die bestaan van die duiwel as persoon of nie.
- Dr Ben du Toit is heeltemal bewus dat 'n siviele hof waarskynlik sal bevind dat Artikel 12 van die NGB verklaar dat die duiwel wel 'n persoonlike wese is.
- Hy stel dit duidelik dat ons nie meer Artikel 12 kan glo nie, omdat die wetenskap dan kwansuis sou bewys het dat die duiwel nie bestaan nie. *"Dit geld ook vir van die ander artikels (soos Art 12), wanneer ons met ons nuwe verkreë kennis vanuit die verskillende wetenskappe verstaan dat ook die belydenisskrifte (soos die Bybel EN alle geskrifte voor die 16/17de eeu) in 'n voor-wetenskaplike konteks ontstaan het."*
- Ten spyte van die feit dat ons die bestaan van die duiwel verwerp, kan ons nog steeds verklaar dat ons Artikel 12 van die NGB aanvaar! *"Dit beteken egter nie dat ons nou die NGB verwerp nie, maar dat ons in ons vertolking en gebruik daarvan 'n bepaalde hermeneutiese sensitiwiteit het, om dit binne die ontstaanskonteks van die belydenisskrifte te interpreteer: toe (in die 15de eeu) is só geglo!"*

Dr du Toit versoek dus by implikasie die appélliggaam hier om te verklaar dat hulle Artikel 12 van die NGB onderskryf terwyl hulle dit in werklikheid nie doen nie. En hy rasionaliseer hierdie skreiende, laakbare oneerlikheid op postmoderne gronde: Die belydenisskrifte behoort tot 'n ander (die voor-wetenskaplike) waarheidskonstruk. Ons behoort tot die wetenskaplike waarheidskonstruk. Ons bevestig dat die belydenisskrifte vir die mense van daardie tyd "waar" was. Dus "onderskryf" ons dit. Ons behoort egter tot 'n ander werklikheid en word dus nie gebind deur die voorwetenskaplike werklikheid nie.

Interessant dat die brief duidelik toon dat Dr du Toit weet sy omgang met die waarheid is

onaanvaarbaar: Hy erken dat enige siviele hof waarskynlik teen sy postmoderne omgang met die waarheid sal besl. Hierdie postmoderne manipulasie van die waarheid is dus doelbewus en met voorbedagde rade. In die grootmensewêreld weet mense dat twee teenstrydighede nie tergelykertyd waar kan wees nie. As Dr du Toit só met die waarheid in 'n hof omgaan sal hy van myneed aangekla word. As hy 'n besigheidskontrak opstel volgens hierdie beginsels sal hy van bedrog aangekla word.

Dit is ook duidelik uit hierdie brief dat daar 'n bewuste, doelbewuste sameswering is om die Gereformeerde belydenis van die NG Kerk deur middel van inkrementele sinodebesluite te ondermyn en uiteindelik te vernietig.

### **Julian Muller se lieglisensie**

Julian Muller skryf op bl. 162 van sy boek “Om te mag twyfel. 'n Gelowige se reis.”<sup>x</sup>

'n Postteïstiese verstaan van God behels 'n herinterpretasie van die tradisionele Christelike geloof soos verwoord in die belydenisskrifte, maar is nie 'n verwerping daarvan nie.”

Hy gaan dan voort om die belydenisskrifte te “herinterpreteer” en maak onder andere die volgende punte. (Sien onder andere die tabel wat begin op bl. 163):

- Hy verwerp die Gereformeerde belydenis dat God uit niks geskep het en onveranderlik is. (Panenteïsme)
- Hy verwerp God se heiligheid, omdat God volgens hom nie oor die sonde oordeel nie.
- Hy verwerp God se ewige straf oor die sonde en Christus se eksklusiwiteit as Verlosser omdat hy glo dat alle mense, onafhanklik van geloof gered word.
- Hy verwerp die Gereformeerde saligheidsleer: Dat Christus die prys vir ons sonde betaal het.
- Hy verwerp die Gereformeerde getuienis oor geloofsekerheid.
- Hy verwerp God se almag, omdat hy die konsep van bonatuurlike wonderwerke ontken.
- Hy verwerp die konsep van God as Vader.
- Hy verwerp God as bron van kennis, en dus by implikasie die Goddelike inspirasie van die Bybel.

En hy beweer hy verwerp nie die belydenisskrifte nie? Wow. Ek bedoel, WOW! As kind sou ek gesê het hy lieg soos 'n vlieg en jok soos 'n bok!

Reg, miskien moet ek nie die woord “verwerp” in my lysie van Gereformeerde leerstellings wat hy probleme mee het, gebruik nie. Miskien lê ek hier woorde in sy mond. Hy sê tog immers op bl. 163:

Ek skryf dit (“postteïsme”) doelbewus as een woord om daarmee aan te dui daar is ook kontinuïteit tussen die twee paradigmas. 'n Mens moet dit as 'n verskuiwing en oorgang met baie ooreenkomste ten spyte van die verskille sien. Dit kan as klemverskuiwing gesien word.

Die probleem is, hierdie “kontinuïteit” of “klemverskuiwing” kan slegs geld as mens op postmoderne wyse glo dat verskillende teenstrydige proposisies gelyk waar kan wees. Slegs as twee proposisies albei waar is kan ons die “klem” legitiem van die een na die ander verskuif, of kan daar sprake wees van “kontinuïteit” tussen die twee.

- God het of uit niks geskep en is onveranderlik of daar is geen ontologiese onderskeid tussen God en skepping nie. Beide proposisies kan nie ter gelykertyd waar wees nie. Daar kan geen legitieme “klemverskuiwing” wees van die een na die ander proposisie nie, ook nie “kontinuiteit” nie.
- God is of heilig en straf die sonde of hy straf nie die sonde nie. Beide proposisies kan nie waar wees nie. Daar kan dus nie sprake wees van 'n “kontinuiteit” of “klemverskuiwing” nie.
- Mense van ander gelowe word gered of hulle gaan hel toe omdat hulle in opstand teen God is en sy Seun verwerp. Weereens kan daar nie “kontinuiteit” of 'n “klemverskuiwing” wees nie.
- Christus het in ons plek vir ons sondeskuld gesterf of hy het nie. Beide proposisies kan nie ter gelykertyd waar wees nie.
- Die Heilige Gees verseker die uitverkorenes van saligheid of hy doen dit nie.
- God is almagtig en kan bonatuurlike wonderwerke doen, of Hy kan nie.
- God openbaar homself aan die uitverkorenes as “Onse Vader” of hy doen dit nie.
- God het die vermoë om met mense te kommunikeer en kan Homself dus seker aan hulle openbaar, of hy het nie die vermoë nie.

Maar, die basislyn is: Postmodernistiese dinkgimnastiek maak dit vir Muller moontlik om te kan beweer:

Die keuse wat ek uitgeoefen het en in my boek verduidelik het, is om in die taal van die klassieke belydenisskrifte my geloof in die opstanding te verwoord en bely. ( Bl 100)

En omdat hy so gladweg kan beweer dat hy die belydenisskrifte bely, is hy vrygespreek in die tugondersoek teen hom, en is sy werk en pensioen veilig. En hy slaap rustig en met 'n skoon gewete, want in postmodernisme is daar eenvoudig nie so iets soos 'n leuen nie.

### **Jurie le Roux**

Hierdie “lisensie om te lieg” wat postmoderniste glo hulle besit is van kardinale belang in enige tugondersoek vir dwaalleer. Met verwysing na die tugklag teen Prof Jurie le Roux:

Mnr Ferdie Mulder het beweer dat Prof le Roux aan hom gesê het:

“Vir die eerste eeuse Christene het Jesus opgestaan omdat dit deel van hul wêreldbeeld was, vandag kan ons dit nie meer so verstaan nie.”

Jurie le Roux 2004. Na OTW Pentateugkritiek vraestel aan Ferdie Mulder gesê. 19/06/2004; GW 1:12; 11h30. Universiteit van Pretoria.<sup>xi</sup>

Kom ons ontleed hierdie stelling vanuit ‘n postmoderne dinkraamwerk, soos deur Dr du Toit in sy boek en in sy brief aan Dr Heine uiteengesit:

- Die eerste eeuse Christene het tot ‘n spesifieke sosiale sisteem met sy eie wêreldbeskouing, geloofsoortuigings, en politieke en maatskaplike strukture behoort. In die waarheidskonstruk van hierdie sosiale sisteem het Jesus waarlik uit die dood opgestaan.
- Ons behoort tot ‘n ander waarheidskonstruk, omdat ons ‘n ander wêreldbeeld het. In ons waarheidskonstruk het Jesus nie liggaamlik opgestaan nie.

- Ons siening van die werklikheid maak egter nie die werklikheid van die eerste eeuse Christene onwaar nie: In postmodernisme kan absolute teenstrydighede gelyk waar wees.

Mens mag hier die beswaar opper dat ek nie kan sê wat Dr le Roux gedink het toe hy die stelling gemaak het nie. Dis is wel so, maar ek wys maar net hoe sy stelling inpas by die postmoderne epistemologie, Dr du Toit se manipulering van die belydenisskrifte daarmee, en wat die gevolge daarvan is op enige dwaalleer ondersoek mag wees.

Die verslag oor die ondersoek lui verder:

“Vanuit hierdie benaderingswyse voer prof Le Roux aan dat hy nie die opstanding of maagdelike geboorte misken of ontken nie, maar wel protes aanteken teenoor hulle wat wil voorskryf presies hoe dit verstaan moet word. Dit beskou hy as ‘n “brutale greep” op die belydenisse. Dit moet met ‘n historiese bewussyn vanuit die gegroeide geloofsinterpretasie van hulle wat dit ervaar en oorvertel het, verstaan word. So ook die begrippe “inspirasie” en “genoegsaamheid” van die skrif.

As ons Dr du Toit se waarheidsleer hier verder sou toepas: Prof le Roux ontken nie die opstanding nie omdat dit volgens hom wél waar was vir die eerste eeuse Christene wat dit vanuit “**die gegroeide geloofsinterpretasie van hulle wat dit ervaar en oorvertel het**”. Ons moet dit egter anders verstaan as hulle wat dit oorvertel het. Hy verswyg egter hoé ons dit moet verstaan: Soos wat hy in 'n onbewaakte oomblik teenoor Mnr Mulder erken het - dat ons dit nie meer kan glo nie.

Hy het geen probleem met hierdie leuen nie omdat hy dit nie as ‘n leuen sien nie - sy postmoderne epistemologie maak hierdie dinkgimnastiek moontlik. Twee teenstrydige proposisies kan tergelykertyd waar wees!

“Duidelik het prof le Roux gesê dat hy die werklikheid en die feitlikheid van die opstanding erken en die belydenis van die maagdelike geboorte gelowig aanvaar en onderskryf.”

Hierdie is ‘n direkte weerspreking van sy uitspraak teenoor Mnr Mulder. Wat hy nie hier sê nie is dat hy “feitlikheid van die opstanding erken en die belydenis van die maagdelike geboorte gelowig aanvaar en onderskryf” vir soverre dit waar was vir die eerste eeuse Christene, maar dat hy self tot ‘n ander waarheidskonstruk behoort. (Weereens as ons du Toit se waarheidsleer sou toepas.)

“Hy erken dat hy ook graag by die belydenisskrifte wil bly, maar dat hy nie wil hê dit moet deur die klaers vir hom uitgelê word nie. Hy is gemaklik met die bewoording van die belydenisskrifte en volstaan daarmee.”

Prof le Roux beweer hier dat hy die belydenisskrifte onderskryf, direk teenstrydig met sy uitspraak teenoor Mulder. Let op dat hy aandring om sy eie hermeneutiese beginsels op die belydenisskrifte toe te pas: Hy verswyg dat dit postmoderne hermeneutiek is, wat die belydenisskrifte van alle objektiewe betekenis stroop.

Is hierdie uitleg van Prof le Roux se uitlating teenoor Mulder en sy daaropvolgende verweer in die tugondersoek verregaande? In die lig van Dr Ben du Toit se versoek aan Dr Quintus Heine om op presies dieselfde manier vir die appelliggaam van die Suid en Weskaapse sinode te lieg is dit glad nie so verregaande nie.



Selfs sonder Dr du Toit se verduideliking van hiërdie postmoderne proses is die skreiende teenstrydigheid tussen le Roux se uitlating teenoor Mulder en sy verweer steeds grootliks onverantwoord in die ondersoekliggaam se verslag.

Die gevolg hiervan is dat geen teoloog van die NG Kerk meer sonder meer geglo kan word as hy beweer “Ek onderskryf die belydenisskrifte” nie. Alhoewel dit ons aard as Christene is om broers en susters altyd die voordeel van die twyfel te wil gee, leef ons in ‘n tyd wat ons nie meer kan bekostig om sulke stellings op sigwaarde te aanvaar nie.

Dr du Toit se brief aan Dr Heine illustreer dié feit bo alle twyfel.

Die NG Kerk skuld Ferdie Mulder 'n verskoning.

John Piper skryf in sy boek “Think: The life of the Mind and the Love of God” oor hierdie tipe omgang met die waarheid:

“This is not new. At the Council of Nicaea in ad 325 the Arians were fighting to defend their view that Jesus Christ was not equally divine with God the Father and that he had a beginning. When Scriptures were used by those defending his deity, strangely the Arians accepted them. Only when terms were found that removed all ambiguity could the council really know what the Arians were affirming. Here is how Gregory of Nazianzus described the event:

The Alexandrians . . . confronted the Arians with the traditional Scriptural phrases which appeared to leave no doubt as to the eternal Godhead of the Son. But to their surprise they were met with perfect acquiescence. Only as each test was propounded, it was observed that the suspected party whispered and gesticulated to one another, evidently hinting that each could be safely accepted, since it admitted of evasion. . . . The fathers were baffled, and the test of homoousion [an interpretive Greek phrase meaning “of one nature” with the Father] . . . was being forced upon the majority by the evasions of the Arians.

Imprecision and vagueness have been used for thousands of years by those who want to abandon meanings and retain words. J. Gresham Machen, one of the founders of Westminster Theological Seminary, saw it in the early part of the twentieth century and described it like this in relation to the doctrinal defections of the Presbyterian Church:

This temper of mind is hostile to precise definitions. Indeed nothing makes a man more unpopular in the controversies of the present day than an insistence upon definitions of terms. . . . Men discourse very eloquently today upon such subjects as God, religion, Christianity, atonement, redemption, faith; but are greatly incensed when they are asked to tell in simple language what they mean by these terms.”

Die aanvaarding van postmodernisme as epistemologie in die NG Kerk het twee belangrike gevolge:

- Die verwerping van die Goddelike inspirasie van die Bybel, en die relativisering van die Bybel.
- Die regverdiging van 'n onbybelse, antichristelike wêreldbeeld: Panenteïsme

## 2) Die verwerping van die Goddelike inspirasie van die Bybel, en die relativisering van die Bybel.

Daar is twee faktore wat die hedendaagse skrifbekouing in die NG Kerk skynbaar beïnvloed. Die eerste is die moderne-postmoderne epistemologie wat God as bron van kennis verwerp, en die tweede is panenteïsme, wat stel dat god vasgevang is in die skepping en gebind word deur die natuurwette van die skepping. God is dus nie in staat om bonatuurlik in die skepping in te gryp nie. Dit geld vir die bonatuurlike inspirasie van die Bybel sowel as wonderwerke in die algemeen.

Modernisme kom veral tot uiting in die histories-kritiese metodes:

The approach of Historical-critical methods typifies the following: (1) that reality is uniform and universal, (2) that reality is accessible to human reason and investigation (3) that all events historical and natural are interconnected and comparable to analogy, (4) that humanity's contemporary experience of reality can provide objective criteria to what could or could not have happened in past events.<sup>xiii</sup>

Let op dat die mens se ervaring en rede die finale maatstaf is vir wat in die verlede kon gebeur of nie. Dit skakel onmiddellik enige bonatuurlike ingryping van God uit, en lei noodwendig tot 'n gevolgtrekking wat die bonatuurlike aard van die skrif en ook die skrifgebeure ontken.

Die histories-kritiese metodes faal op 'n epistemologiese vlak totaal omdat dit die moontlikheid van sg “Black Swan” gebeure ontken<sup>xiii</sup>. So 'n gebeurlikheid is iets wat uiters raar gebeur en daarom onmeetbaar vir die wetenskap, wat gerig is op statistiese analise, is. Bonatuurlike wonderwerke, byvoorbeeld profetiese inspirasie of natuurwonders soos Lasarus se opwekking is tipies “Black Swan” gebeure.

Postmodernisme ontken dat daar enige objektiewe standaard is waarteen die moontlike betekenis van 'n teks bepaal of gemeet kan word. Dit pas dus die metode van dekonstruksie toe waarin die respondent se eie subjektiewe ervaring en gevolgtrekkings normatief vir die teks word. Die gevolg is dat die teks van alle objektiewe betekenis gestroop word, dat daar geen manier is om tussen verskillende interpretasies van 'n teks te onderskei nie en dat enige en dus alle interpretasies van 'n teks ewe geldig is, selfs al kom dit tot totaal teenstrydige gevolgtrekkings.

Ek verwys die leser graag na my artikel oor Dr Ben du Toit se boek “God? Geloof in 'n postmoderne tyd.” waarin ek die proses van tekstuele dekonstruksie verduidelik na aanleiding van 'n voorbeeld in die boek.

### Julian Muller

In sy boek “Om te mag twyfel. 'n Gelowige se reis”<sup>xiv</sup> maak Muller 'n tabel wat begin op bl 163 waarin hy dit wat hy in tradisionele teïsme verwerp vergelyk met sy eie panenteïstiese wêreldbeeld. In die laaste blokkie (bl 166) skryf hy:

Die teologie beskik nie oor die waarheid nie, maar behels 'n soeke na die waarheid en 'n refleksie op hierdie soeke.

'n Meer tradisionele definisie van die teologie sou wees dat mense God se openbaring op 'n sistematiese manier ondersoek om tot 'n geloofsgevolgtrekking te kom. Indien die teologie 'n

ondersoek van God se openbaring is, maak die teologie noodwendig proposisionele waarheidsaansprake. (Omdat God se openbaring noodwendig waar is!)

Maar Muller verwerp by implikasie die moontlikheid van Goddelike openbaring hier heeltemal deur te beweer dat die teologie geen waarheid het nie.

Ons geloof is volgens Muller dus nie die produk van God se genadige selfopenbaring aan sy uitverkorenes nie, dit is die produk van die mens se strewe en soeke na waarheid. (En let op dat hierdie strewe onsuksesvol is: hy stel dat die teologie nie oor waarheid beskik nie!) Hy plaas ons geloof hiermee op die vlak van enige ander menslike onderneming, bv die sielkunde, mediese navorsing, politiek, Buddhisme, die toring van Babel, of wat ook al. Hierdie is 'n totale ommekeer van die Gereformeerde wêreldbeeld, waarvolgens die mens uit eie krag en onderneming geen toegang tot die waarheid het nie, maar totaal afhanklik van God se gegewe openbaring is.

Hierdie het absoluut verreikende gevolge vir enige teorie oor die inspirasie van die Bybel.

### **Gerda de Villiers**

Om te demonstreer hoe hierdie verwerping van die Goddelike inspirasie van die Bybel in die praktyk funksioneer, verwys ek die leser graag na 'n resensie van 'n boek van Prof Johan Janse van Rensburg deur Dr Gerda de Villiers<sup>xv</sup>. Dr de Villiers is in diens van die teologiese fakulteit van Tukkies, betrokke by die opleiding van studente en redakteur van die fakulteit se webwerf teo.co.za.

Meer ontstellend is egter Janse van Rensburg se vermoë om Jesus wel in die Ou Testament te vind! Op bladsy 28 skryf hy: 'Jesus is die vervulling van die profesie van Psalm 118:22.' Die uiters problematiese teks in Job 19:25 is 'n bewys van geloofsekerheid in Jesus Christus (p 36). Jesaja 40:3-5 se profesie het betrekking op Johannes die Doper (p 37), en op bladsy 38 is die wondergenesings in Matteus 11:5 die vervulling van Jesaja se beloftes (28:18-19; 35:5-6; 61:1-2). So wil Jesus vir Johannes die Doper wys dat die beloftes van profete in Hom vervul is. Hierdie teologie is hopeloos verouder, en totaal onwetenskaplik. Jesus word nêrens in die Ou Testament voorspel nie, en al is Janse van Rensburg nie 'n Ou Testamentikus nie, behoort hy as 'n professor in teologie ten minste hiervan bewus te wees!

Die vraag is: Waarom beweer sy dat Jesus nie in die Ou Testament voorspel is nie? Die antwoord is duidelik soos ek hierbo verduidelik het: Sy kan eenvoudig nie glo dat God die Bybel kon inspireer nie. Dis 'n mengsel van modernisme-postmodernisme en waarskynlik panenteïsme. Beide hierdie twee filosofiese premisse maak Goddelike inspirasie van die Bybel onmoontlik.

Met hierdie stelling verwerp sy die Nederlandse Geloofsbelydenis:

#### 18. Die menswording van Jesus Christus

Ons bely dat God die belofte aan die vaders deur die mond van die heilige profete inderdaad vervul het deur sy Seun in die wêreld te stuur op die tyd deur Hom bepaal.

#### 25. Die seremoniële wet in Christus vervul

Ons glo dat die seremonies en heenwysings na die wet met die koms van Christus opgehou het en dat alle voorafskaduwing tot 'n einde gekom het. Die gebruik daarvan moet derhalwe onder die Christene afgeskaf word. Die waarheid en inhoud daarvan bly nogtans vir ons in Christus Jesus bestaan: in Hom het hierdie seremonies en heenwysings juis hulle vervulling. Ons gaan ook nog voort om die getuienisse van die wet en die profete te gebruik om ons in

die evangelie te bevestig en ook om ons lewe in alle eerbaarheid tot eer van God en volgens sy wil in te rig.

Die ontstellende van haar opmerking is dat sy aandui dat hierdie verwerping van die Goddelike inspirasie van die Bybel die huidige akademiese paradigma is!

Hierdie teologie is hopeloos verouder, en totaal onwetenskaplik. Jesus word nêrens in die Ou Testament voorspel nie, en al is Janse van Rensburg nie 'n Ou Testamentikus nie, behoort hy as 'n professor in teologie ten minste hiervan bewus te wees!

Om die waarheid te sê, sy plaas Janse van Rensburg onder die sensuur van die hele akademiese gemeenskap! As 'n professor in teologie behoort hy mos beter te weet!

Ek ys soos ek hier sit en die implikasies hiervan oordink. Beteken dit dat sy hier vir ten minste die akademiese instansie waar sy by betrokke is praat? Indien dit waar is beteken dit dat daar nie meer gelowige Christene in Tukkies se teologie fakulteit oor is nie!

Ek het Prof Nelus Niemandt in 'n persoonlike gesprek oor Dr de Villiers se stelling uitgevra. Sy verskoning was dat sy nie 'n aanstelling van die kuratorium is nie. Hy het hom egter nie eksplisiet teen haar opmerking uitgespreek nie. Sy opmerking op die Hoëveld Sinode dat daar nie dwaalleer by Tukkies is nie is hier van kardinale belang: Mens moet aanneem dat Niemandt de Villiers se stelling dat Jesus nie in die OU Testament voorspel word nie, en dat die Bybel dus nie deur God inspireer is nie, nie as dwaalleer beskou nie.

Die implikasie is dat ons hier te doen het met sistemiese ongeloof in die topstrukture van ons kerk. Dit is onmoontlik beperk tot 'n paar afvallige individue.

Ek moet dit hier duidelik stel dat geen persoon wat soos de Villiers die Goddelike inspirasie van die Bybel verwerp in diens van die NG Kerk kan wees nie, omdat dit 'n verwerping van die Gereformeerde belydenis is.

### 3) Panenteïsme: ‘n Onbybelse, antichristelike wêreldbeeld

#### 'n Definisie van panenteïsme.

Panenteïsme is, in kort, 'n ontkenning van die ontologiese skeidslyn tussen god en skepping. Hierdie is ook die belangrikste kenmerk van panteïsme, maar panenteïsme verskil daarvan op die volgende belangrike maniere:

- Panenteïsme stel dat god in alles is en dat alles in god is. God is dus groter as die skepping en nie beperk tot die skepping nie. Panteïsme stel dat alles god is. God is dus niks meer as die skepping nie.
- Panenteïsme stel dat die skepping werklik is. Panteïsme stel dat die sigbare werklikheid 'n illusie is (maya).

Panenteïsme stel dat God 'n dipool is: God het 'n transendente pool wat buite tyd en ruimte staan en hy het ook 'n immanente pool, die skepping, wat vasgevang is in en dus beperk word deur tyd en ruimte.

Die maklikste om hierdie dipolêre aard van die panenteïstiese god te verduidelik is aan die hand van die geïnkarneerde Christus. God is transendent, maar Christus se menslike natuur is deel van die skepping. Tog ontnem die feit dat Christus ook skepsel is nie hom van sy ewige, transendente Godheid nie omdat God, Christus die mens se Gees is. Christus as mens kan dus beskou word as 'n immanente pool van die transendente God. Die probleem met panenteïsme is dat hulle god as immanente deel van die skepping nie beperk tot die menslike Jesus nie, maar die hele skepping insluit by hulle god se immanente pool.

Panenteïsme kan dus op drie maniere beskryf word:

- Deel – geheel: Die skepping is deel van god die geheel.
- Liggaam – gees: Die skepping is die liggaam van god en god is die gees van die skepping.
- Voortspruiting: Die skepping is 'n voortspruiting (of emanasie) uit god.

Die ontkenning van die ontologiese skeiding tussen god en die skepping het die volgende belangrike gevolge.

- God is nie net goed nie. Omdat ons uit ervaring weet dat boosheid bestaan, en omdat alles in die skepping in wese god is, moet ons aanvaar dat god nie net goed is nie maar dat alle boosheid ook in die wese van god geleë is. Hierdie probleem word in panenteïsme opgelos deur te stel dat die skepping 'n afskeiding of devolusie van god is. Die skepping het dus sy “godsbeewussyn” verloor en moet terug evoleer na god toe, om die boosheid te kan oorwin. Die gevolg hiervan is 'n gnostiese dualisme en antitese tussen die materiële en die geestelike. Die materiële is boos en die geestelike is goed.
- God is vasgevang in die skepping in sy immanente pool. Dit beteken dat hy gebind word deur die natuurwette van die skepping. Goddelike, bonatuurlike ingrepe in die vorm van wonderwerke is dus nie moontlik nie. Die immanente god is dus nie almagtig of alwetend nie. En die transendente pool van god is té transendent om betrokke te kan wees by die skepping. (Amper soos die god van deïsme)
- Omdat god in alles is, is suiwer boosheid nie moontlik nie. Om hierdie rede word die Gereformeerde leer van die sondeval verwerp. Die mens is nie totaal verdorwe nie, maar doen kwaad omdat hy vergeet het hy is god. Die mens se “sondigheid” is dus die natuurlike gevolg van sy skepping deur devolusie uit god.

- Omdat god in alles is en suiwer boosheid nie moontlik is nie, is die bestaan van 'n suiwer bose persoon in panenteïsme onmoontlik. Die duiwel as persoon is 'n logiese onmoontlikheid is panenteïsme.
- Die hel as plek of toestand van ewige afskeiding van God is 'n logiese onmoontlikheid in panenteïsme. Totale verwydering van god is onmoontlik indien die mens in wese god is.
- Omdat die sondeval nie plaasgevind het nie het die mens nie 'n verlosser nodig nie. Die mens is immers in wese god, en het net nodig om onder die indruk van sy eie “godheid” te kom om “verlos” te word.
- Jesus Christus is geensins uniek nie. Hy is slegs uniek in dié sin dat hy reeds tot volle besef van sy godheid gekom het. (Ekwivalent aan Buddhistiese/ New Age “enlightenment”) Omdat die hele mensheid in wese god is, het alle mense die inherente vermoë om “Christus” te word. Jesus se maagdelike konsepsie en wonderwerke word dus verdag gemaak om hom van sy uniekheid te stroop.
- Jesus se kruisdood as versoening van God se woede teen die sonde word verwerp as primitief en barbaars.
- Jesus se opstanding is nie liggaamlik nie. Die rede waarom die liggaamlike opstanding verwerp of verdag gemaak word is omdat panenteïsme in wese gnosties is: Die materiële is boos en die geestelike goed. Vir Jesus om tasbaar uit die dood op te staan is dus onlogies in panenteïsme.

### **Panenteïsme is onverenigbaar met die Gereformeerde belydenis.**

Op die oog af lyk dit nie of die belydenisskrifte veel sê oor panenteïsme nie. Dit is egter belangrik om die belydenisskrifte in die konteks van hulle brontekste te interpreteer. So is dit byvoorbeeld duidelik dat die NGB afhanklik is van Calvin.

Wanneer mens die NGB lees kom jy onmiddellik onder die indruk dat baie van die artikels bloot 'n opsomming is van die relevante hoofstukke in die “Institusies van die Christelike Geloof” van Calvin. Hierdie afhanklikheid van die NGB van Calvin word duidelik deur Strauss uitgelig in 'n artikel in “In die Skriflig” in 1993. Hy skryf in sy gevolgtrekking: (Beklemtone myne)

“Our final conclusion is that Calvin undoubtedly had an enormous influence on the Belgic Confession. *In order to understand and explain this church symbol it therefore essential to study it against the background of Calvin's writings.*”<sup>xvi</sup>

Calvin is uiters uitgesproke teen panteïsme en panenteïsme. Hy skryf oor Virgilius se panteïsme:

The plain object is to form an unsubstantial deity, and thereby banish the true God whom we ought to fear and worship. I admit, indeed that the expressions "Nature is God," may be piously used, if dictated by a pious mind; but as it is inaccurate and harsh (Nature being more properly the order which has been established by God), in matters which are so very important, and in regard to which special reverence is due, it does harm to confound the Deity with the inferior operations of his hands.<sup>xvii</sup>

Servetus was 'n unitariese panenteïs. Calvin bespreek sy verwerping van die Drie-Eenheid in detail, en sê dan dat sy panenteïsme die mees veragtelike van al sy dwalings is, selfs meer as sy verwerping van die Drie -Eenheid!

***But the most execrable heresy of all is his confounding both the Son and Spirit promiscuously with all the creatures.*** For he distinctly asserts, that there are parts and partitions in the essence of God, and that every such portion is God. This he does especially when he says, that the spirits of the faithful are co-eternal and consubstantial with God, although he elsewhere assigns a substantial divinity, not only to the soul of man, but to all created things.<sup>xviii</sup>

En verder:

5. But before I proceed further, it is necessary to advert to the dream of the Manichees, which Servetus has attempted in our day to revive. Because it is said that God breathed into man's nostrils the breath of life (Gen. 2:7), they thought that the soul was a transmission of the substance of God; as if some portion of the boundless divinity had passed into man. It cannot take long time to show how many gross and foul absurdities this devilish error carries in its train. For if the soul of man is a portion transmitted from the essence of God, the divine nature must not only be liable to passion and change, but also to ignorance, evil desires, infirmity, and all kinds of vice. There is nothing more inconstant than man, contrary movements agitating and distracting his soul. He is ever and anon deluded by want of skill, and overcome by the slightest temptations; while every one feels that the soul itself is a receptacle for all kinds of pollution. All these things must be attributed to the divine nature, if we hold that the soul is of the essence of God, or a secret influx of divinity. Who does not shudder at a thing so monstrous? Paul, indeed, quoting from Aratus, tells us we are his offspring (Acts 17:28); not in substance, however, but in quality, in as much as he has adorned us with divine endowments. Meanwhile, to lacerate the essence of the Creator, in order to assign a portion to each individual, is the height of madness. It must, therefore, be held as certain, that souls, notwithstanding of their having the divine image engraven on them, are created just as angels are. ***Creation, however, is not a transfusion of essence, but a commencement of it out of nothing.***<sup>xix</sup>

Let op dat Calvyn die leerstelling van skepping uit niks (creatio ex nihilo) eksplisiet hier aanwend om panenteïsme spesifiek en in die sterkste moontlike terme te verwerp!

***Waar “creatio ex nihilo” in die vroë kerk gebruik is om gnostisisme teen te staan, gebruik Calvyn dit hier om die ontologiese skeidslyn tussen God en skepping te bevestig. Artikel 12 van die NGB se stelling van die leer van “skepping uit niks” moet dus onvermydelik interpreteer word as 'n verwerping van panenteïsme in die sterkste moontlike terme, veral in die lig van die NGB se bewese afhanklikheid van Calvyn se “Institusies”***

Daar is hedendaagse panenteïste wat beweer dat god wel “ex nihilo” geskep het in plaas van “ex deo” soos meeste panenteïste glo. Volgens hierdie teorie sou god homself ingeperk het om plek te maak vir die skepping (Tzimtzum of kenose). Die skepping is dus wel “ex nihilo” maar word op 'n later stadium dan in die wese van God opgeneem. Hierdie proses van opname in die substans van God word ook in die sterkste terme deur Calvyn verwerp op grond van die leer van die onveranderlikheid van God. Sy betoog hier is teen die idee dat die Seun as skepsel van God begin het, en later in die wese God opgeneem is. Presies die selfde sou logies geld vir 'n panenteïstiese assimilasië van die skepping in die wese van God. (Beklemtone myne)

8. Here an outcry is made by certain men, who, while they dare not openly deny his divinity, secretly rob him of his eternity. For they contend that the Word only began to be when God opened his sacred mouth in the creation of the world. Thus, with excessive temerity, they

imagine some change in the essence of God. For as the names of God, which have respect to external work, began to be ascribed to him from the existence of the work (as when he is called the Creator of heaven and earth), *so piety does not recognize or admit any name which might indicate that a change had taken place in God himself*. For if any thing adventitious took place, the saying of James would cease to be true, that "every good gift, and every perfect gift, is from above, and cometh down from the Father of lights, with whom is no variableness, neither shadow of turning," (James 1:17). *Nothing, therefore, is more intolerable than to fancy a beginning to that Word which was always God, and afterwards was the Creator of the world.*<sup>xx</sup>

Dié twee leerstellings van die NGB, naamlik skepping uit niks (Artikel 12) en die onveranderlikheid van God (Artikel 1) maak die Gereformeerde belydenis absoluut onverenigbaar met enige teologie wat die ontologiese skeidslyn tussen God en die skepping vervaag.

***Ek moet dit dus onomwonde stel: Enigiemand wat panenteïsme aanhang verwerp die Gereformeerde belydeni en kan dus nie in die NG Kerk toegelaat word nie.***

Panenteïsme leer dat die skepping, en dus die mens, in wese god is. Dit plaas die mens dus op die selfde ontologiese vlak as god. Dit is wat die God van die Bybel vandag vir die panenteïste sê:

Es. 28:6: "Daarom," sê die Here my God, "omdat jy jou verbeel het jy is 'n god, daarom gaan Ek ander nasies, wrede volke, teen jou laat optrek. Hulle sal die prag wat jou wysheid vir jou gebring het, met die swaard aanval en jou prag skend. Hulle sal jou in die graf in laat stort, jy sal die dood van 'n gesneuwelde sterf daar op jou eiland in die see. Sal jy vir dié wat aan jou 'n einde gaan maak, nog kan sê jy is 'n god? Vir dié wat vir jou dood gaan sorg, sal jy 'n mens wees, nie 'n god nie.

## **Panenteïsme in die NG Kerk.**

### **Julian Muller**

Julian Muller het 'n artikel publiseer op Tukkies se teologie fakulteit se webwerf<sup>xxi</sup> en op sy persoonlike webwerf<sup>xxii</sup> waarin hy dit baie duidelik stel dat hy hom beywer vir die aanvaarding van 'n panenteïstiese wêreldbeeld. Hierdie artikel is net so opgeneem in sy boek "Om te mag twyfel." Hiermee verwerp hy die Evangelie en die Gereformeerde Christelike geloof finaal.

Die vraag is of Muller in isolasie funksioneer en of hy deel is van 'n groter groep mense wat sy dwaalleer deel. Let asb op na die volgende feite:

- Muller is nadat hy hierdie artikel publiseer het bevorder tot vise-dekaan van die fakulteit van teologie. Is dit moontlik dat die lede van die kuratorium by Tukkies nie weet wat panenteïsme is nie? Ek twyfel. Die teoloë by Tukkies is almal kompetent. Mens kan slegs aanneem dat Muller juis as gevolg van sy verwerping van die Gereformeerde Christelike geloof bevorder is, of dat die kuratorium ten minste nie panenteïsme as dwaalleer sien nie. Hierdie is 'n ernstige aanklag teen die kuratorium van die Universiteit van Pretoria se kweekskool; hulle behoort korporatief onder die kerklike tug geplaas te word omdat hulle dwaalleraars bemagtig.
- Prof Nelus Niemandt het verklaar op die Hoëveld Sinode van 2012 dat daar geen dwaalleer by Tukkies is nie.<sup>xxiii</sup> Is dit moontlik dat Prof Niemandt nie weet wat panenteïsme is nie? Ek twyfel. Mens moet dus aanneem dat Prof Niemandt nie 'n probleem met panenteïsme het



nie.

### **Ben du Toit**

Dr Ben du Toit is tans verbonde aan die Suid- en Weskaapse Sinode as kommunikasiebeampte. Hy is ook op die Algemene Sinode se taakspan vir leer an aktuele sake en is in die posisie nou betrokke by die opstel van beleidsdokumente vir die NG Kerk. As kommunikasie beampte verteenwoordig hy die NG Kerk in die parlement.

Daar is geen onsekerheid oor die feit dat hy die ontologiese grens tussen God en skepping totaal ontken nie. Op bl 113 van sy boek “God? Geloof in 'n postnmoderne tyd.” beweer hy:

“ Indien ons dan sou aanvaar dat vir God om God te wees daar 'n minimum vereiste sal geld, naamlik dat Hy/Sy ongebonde aan ruimte en tyd moet wees, laat dit onmiddellik die moontlikheid oop om in hierdie konteks te kan praat van God as bron van alle energie. [...] Indien dit geles word saam met die onvernietigbaarheid van energie, het ons hier te ongetwyfeld te doen met die moontlikheid dat die sigbare lewe van die mens na die dood bewustelik kan voortbestaan in die sfeer (bestaanswyse) van God.”

Op bl 151 haal hy Hennie de Villiers bevestigend aan:

“ ...Jy is dus nie jou liggaam nie, jy is jou siel met liggaamlike, betekenisvolle ervarings. Jou siel is deel van 'n kosmiese siel, wat ons God kan noem...”

En op bl 153:

“Weliswaar word hiermee nie teruggekeer tot 'n premoderne wêreld en lewensbeskouing nie, maar is die spirituele voortbestaan van die mens na die dood, as onvernietigbare energie wat op een of ander manier opgeneem word in die dimensie van die Bron van alle energie (God) aangedui.”

Hy stel sy panenteïsme baie duidelik op bl 183:

“Op hierdie manier kan mens met die Godheid in 'n persoonlike verhouding leef en word sy spiritualiteit (die Gees van God) ook deel van die energieveld en atoomsamestelling van die mens.”

Die vraag is onvermydelik: Hoe is dit moontlik dat iemand wat die Gereformeerde Christelike geloof so ondubbelsinnig verwerp in die sleutelpos kan wees waarin du Toit is? Weereens moet mens aanneem dat die leierskap in die NG Kerk nie werklik 'n probleem met Dr du Toit se leerstellings nie.

Die probleem strek dus baie verder as net Dr du Toit self.

#### 4) Die teologiese gevolge van panenteïsme

Dit is maklik om aan te toon dat die logiese afleidings van die verwerping van die ontologiese skeiding tussen God en skepping onverenigbaar is met die Gereformeerde belydenis, en dat hierdie dwalings op die oomblik in die NG Kerk bestaan. Dit is baie belangrik om die geheelbeeld raak te sien. Die verdagmaking van Jesus se maagdelike geboorte, die ontkenning van die bestaan van die duivel, die ontkenning van Christus se liggaamlike opstanding ens is nie leerstellings wat in isolasie van mekaar staan nie maar alles deel is van die totale, holistiese geloofsstelsel wat die evangelie verwerp.

Dit is ook maklik om aan te toon dat daar 'n definitiewe poging is om hierdie dwalings stuksgewys in die NG Kerk in te voer. Die plan is duidelik om die afleidings van panenteïsme een vir een in die amptelike dokumente van die kerk in te voer.

1. **God is nie net goed nie omdat boosheid in sy wese plaasvind.**
2. **Die immanente god is nie alwetend en almagtig nie, omdat hy vasgevang is in die skepping.**
3. **Die sondeval word verwerp.**
4. **Die bestaan van die duivel word verwerp.**
5. **Die ewige verdoemenis word verwerp.**
6. **Christus se verlossingswerk aan die kruis word herdefinieer.**
7. **Christus se uniekheid word ontken.**
8. **Christus se liggaamlike opstanding word ontken.**

#### 1. God is nie net goed nie omdat boosheid in sy wese plaasvind.

Du Toit beweer op bl 120 van sy boek “God? Geloof in 'n postmoderne tyd”:

“Die feit van kwaad is gegee in die feit van goed. Iets kan nie “goed” wees indien daar nie ook “kwaad” is nie. Daar kan net sprake van “liefde” wees indien haat moontlik is. Dit is 'n geval van onontwykbare ekwilibrium: Goed is slegs definieerbaar in terme van kwaad, en andersom. Omdat die mens 'n keuse het, impliseer dit goed of kwaad.”

God bestaan van ewigheid af. God is van ewigheid af goed. As goed nie sonder boosheid kan bestaan nie, en daar 'n werklikheid voor of buite die skeppingstyd was waar God alleen bestaan het, sou dit beteken dat God beide goed en boos moes wees. Die gevolgtrekking is dus onvermydelik. As die bestaan van goedheid afhanklik is van die bestaan van boosheid, kan God slegs goed wees indien Hy boos ook is.

Hierdie is een van Calvyn se grootste besware teen die leer van panenteïsme. (Sien die aanhaling uit “Institusies” hierbo.) Hy merk tereg op: “Who does not shudder at a thing so monstrous?”

## **2. Die immanente god is nie alwetend en almagtig nie, omdat hy vasgevang is in die skepping.**

Dit beteken ook dat God nie almagtig is in die Gereformeerde sin van die woord nie. (Lees maar Calvyn as jy wil weet wat ek daarmee bedoel) God is nie in staat om buite die natuurwette om wonderwerke te verrig nie. Omdat God self die substans van die skepping is word hy gebind deur die wette van die skepping.

Dr du Toit beweer op bl 118 van sy boek:

In hierdie verband is dit dan ook onmoontlik om tegelyk drie dinge van God te kan glo, naamlik dat hy alwetend, almagtig en liefdevol is. Twee van hierdie eienskappe kan gemaklik saamgedink word. Maar sodra 'n derde (en 'n vierde soos regverdigheid) by kom, maak dit nie meer sin nie.

Du Toit erken dat God liefdevol is. Hy verwerp dus hier God se almag, alwetendheid, of beide.

In die handeling van die Algemene Sinode van 2011 is daar 'n addendum wat gaan oor die opstel van “ 'n Eietydse interpretasie van die Apostoliese Geloofsbelydenis.” Hierdie is 'n konsepdokument wat waaskynlik voor die volgende Algemene Sinode sal dien vir aanvaarding as beleidsdokument van die NG Kerk. Hierdie dokument is in wese 'n algehele verwerping van die Gereformeerde belydenis en is 'n aanduiding van hoe diep die vals lering in die NG Kerk vloei.

Die verwerping van God se almag in hierdie dokument het niks uit te waai met die opstellers se interpretasie van die Bybel of die belydenisskrifte nie, maar alles met panenteïsme.

Oor God se almag:

Eietydse interpretasie, paragraaf 32. “Om in God te glo beteken om in Hom as Skepper te glo. Dit is eintlik logies dat daarmee erken word dat God mag het. Die probleem is nou net dat mense die woord “mag” verskillend verstaan. Ook as dit by God se mag kom.

Dit was vir die kerk van die begin af 'n probleem. Op 'n stadium is daar 'n hele reeks eienskappe aan God toegeken (wat almal iets met mag te doen het) – in die oortreffende trap: alwetend, almagtig, algoed en alomteenwoordig. Daarmee saam is ook begrippe in ontkennde vorm gebruik: God is oneindig, onveranderlik, onsterflik, onaantasbaar, ondeurgrondelik. Alles maniere om te probeer aantoon dat Hy hoegenaamd nie so beperk is soos ons mense nie. Hierdie eienskappe het egter meer met filosofiese nadenke uit daardie tydperk oor God te doen gehad, as dat die Bybel so oor God praat. In sommige gevalle het die kerk egter raakgesien dat 'n mens nie so maklik sonder hierdie soort aanduidings kan klaarkom nie – veral as ons wil verduidelik dat die Drie-enige God heeltemal anders as enigiets anders is. “

Let op die woorde: “*Hierdie eienskappe het egter meer met filosofiese nadenke uit daardie tydperk oor God te doen gehad, as dat die Bybel so oor God praat.*” Die Bybelse grondslag van die Apostoliese geloofsbelydenis, en die Drie Formuliere van Eenheid word hier verdag gemaak.

Paragraaf 32 van hierdie dokument is 'n blatante verwerping van Artikel 1 van die Nederlandse Geloofsbelydenis.

“NGB, Artikel 1. Die Enige God

Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar ‘n enige en enkelvoudige geestelike Wese is wat ons God noem. Hy is ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is. 2 Kor 3:17; Joh 4:24; Jes 40:14.”

Die redes waarom God nie almagtig is nie, is volgens die dokument God se weerloosheid en kwesbaarheid. Volgens die dokument is God kwesbaar omdat Hy mense liefhet. Wanneer 'n persoon iemand lief het stel hy hom oop vir die trauma van verlating.

Eietydse interpretasie, paragraaf 34. “Die Bybel vertel terselfdertyd ook van God se grootse kwesbaarheid, naamlik sy besorgdheid oor die swakkes. Dwarsdeur die Bybel kies God mense wat as gering geag word vir die grootste verantwoordelikhede. Dink aan Abel, Abraham, Isak, Gideon, Dawid, Jeremia en nog vele meer. Daarteenoor word helde soos Saul en Simson geteken as tragies. Die Kneg van die Here is een wat verag en deur die mense verstoot is. Jesaja 53:1 vra tereg: “Wie sal die mag van die Here hierin kan raaksien?” In navolging hiervan word Jesus van Nasaret wel as die gesalfde Messias gehuldig, maar hy kom Jerusalem binne op ‘n geleende donkie. Die Man van smarte was self aan swakheid en kwesbaarheid onderhewig (Heb 5:2). Die kruis is die teken van God se onmag. Selfs in die uur van Jesus se godverlatenheid kom God se almag na vore – nie deur ‘n demonstrasie van mag nie – maar juis deur niks te doen om dit te keer nie. Net so word die bloed van die martelare die oortuigingskrag van die kerk se boodskap.”

Hierdie paragraaf is in wese 'n verwerping van die Dordtse Leerreëls. 'n Persoon is slegs kwesbaar (m.a.w. hy kan moontlik beseer of benadeel word) indien daar risiko is. Die Dordtse Leerreëls stel dit baie duidelik dat mense reageer op God se liefde omdat Hy dié wie Hy vooraf in sy ewige, ondeurgrondelike raadsplan uitgekies het, die geloof skenk. Alhoewel God die mens oneindig lief het is daar geen sweem van risiko betrokke nie: Almal wie Hy uitverkies het volgens sy raadsplan reageer met vreugde op sy liefde. (Beklemtoning myne)

Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 1:5. Die oorsaak of skuld van daardie ongeloof, net soos van alle ander sondes, lê beslis nie by God nie, maar by die mens. ***Die geloof in Jesus Christus en die saligheid deur Hom is egter ‘n genadegawe van God. Soos geskrywe is: Uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God (Ef 2:8), ook: Dit is aan julle genadiglik gegee om in Christus te glo (Fil 1:29).***

***6. Dat God aan sommige mense in die tyd die gawe van die geloof skenk en aan ander dit nie skenk nie, volg uit sy ewige besluit.*** Immers: Aan God is al sy werke van ewigheid af bekend (Hand 15:18), en Hy doen alles volgens die raad van sy wil (Ef 1:11). ***Volgens hierdie besluit maak God genadiglik die harte van die uitverkorenes ontvanklik*** – hoe verhard hierdie harte ook al mag wees – en buig hulle om tot geloof. Hulle wat egter nie uitverkies is nie, laat Hy volgens sy regverdige oordeel in hulle boosheid en verharding bly. Hierin veral kom vir ons tot openbaring die diepe, barmhartige en tegelyk regverdige onderskeiding tussen die mense wat almal ewe verlore is. Dit is die besluit van die uitverkiesing en verwerping wat in die Woord van God geopenbaar is. Verkeerde, onreine en onstandvastige mense verdraai hierdie leer tot hulle eie verderf, maar aan die heiliges en godvresendes gee dit ‘n onuitspreeklike troos.

Die gedagte dat God enigsins kwesbaar mag wees is liederlike godslastering en moet as sodanig met minagting verwerp word.

Dieselfde geld vir Christus se sogenaamde kwesbaarheid aan die kruis. Die tekste waarna verwys word in Jesaja en Hebreërs, verwys na Jesus se menslike swakheid. Die belangrike punt wat bewys dat Jesus as Messias nie swak of kwesbaar was nie, is die feit dat Hy sy lewe vrywillig afgelê het. Om vrywillig deur lyding te gaan ter wille van iemand anders is nie 'n teken van swakheid of kwesbaarheid nie, maar van ongelooflike krag. En Paulus stel dit baie duidelik dat die kruis en opstandingsgebeure juis die bewys is dat Jesus die Seun van God is wat met mag beklee is.

Romeine 1:1 Van Paulus, 'n dienaar van Christus Jesus, geroep om apostel te wees, afgesonder vir die evangelie van God. 2 Hierdie evangelie het Hy vooruit deur sy profete in die Heilige Skrif aangekondig, 3 en dit handel oor sy Seun. As mens is Hy uit die geslag van Dawid gebore; 4 ***op grond van sy opstanding uit die dood is Hy deur die Heilige Gees aangewys as die Seun van God wat met mag beklee is, Jesus Christus ons Here.***

Die “Eietydse interpretasie” se fout is dat die skrywers nie onderskei tussen Jesus se menslike natuur, wat wel aan menslike swakheid (behalwe sonde) onderworpe was, en sy Goddelike natuur wat almagtig is, nie. Die vals indruk word dus hier geskep dat God swak is omdat Jesus se menslike natuur swakhede het.

Die Dordtse leerreëls praat dan ook net van die ongelooflike krag van die kruis:

Dordtse leerreëls: Hoofstuk 2:3. Hierdie dood van die Seun van God is die enigste en volmaakte offer en voldoening vir die sondes. Sy dood is van oneindige krag en waarde, oorfloedig genoeg om die sondes van die hele wêreld te versoen.

4. Hierdie dood het daarom so 'n groot krag en waarde, omdat Hy wat dit ondergaan het, nie alleen 'n ware en volkome heilige mens is nie, maar ook die eniggebore Seun van God. Hy is saam met die Vader en die Heilige Gees een en dieselfde ewige en oneindige Wese. So moes ons Verlosser dan ook wees. Boonop het sy dood so 'n groot krag en waarde, omdat Hy geweet het dat Hy die toorn van God en die vloek, wat ons deur ons sondes verdien het, gedra het.

Die “Eietyds interpretasie” gaan dan voort (Beklemtoning myne):

Eietyds interpretasie, paragraaf 36: Vandag is daar eintlik 'n groeiende eenstemmigheid dat God se almag verstaan moet word in terme van God se sorg, liefde en trou as Vader – God se vrye keuse om vir ons 'n God te wees. Liefde is nie 'n brute krag nie. Dit het min of niks met spierkrag, geldmag, wapens, militêre mag, politieke mag, kragtige motors of media invloed te make nie. Liefde vra eerder respek, openheid, kwesbaarheid en weerloosheid, om die ander toe te laat om die liefde te beantwoord. Hierdie soort krag word uitgebeeld deur die Vader in die gelykenis van die verlore seun (Lukas 15). Dit is 'n krag wat ruimte laat vir die vryheid van ander, wat gewillige kinders verkies bo willose slawe of robotte. Liefde verg wederkerigheid en is bereid om kwesbaar te wag op die beantwoording van liefde wat betoon word. Tog gaan hiervandaan 'n krag uit wat die hele wêreld kan verander. Hierdie soort opvatting van mag is in ons tyd vir baie mense veel meer aantreklik as die soort mag waaraan die wêreld gewoond is. Daar is immers heelwat kulturele weerstand teen soveel mag. Die uitdrukking “power corrupts and absolute power corrupts absolutely” weerspieël iets hiervan. ***Die Christelike geloof praat daarom van God se almag nie bloot in enige sin van die woord nie.***

Hier word 'n vals antitese geskep tussen God se almag en liefde. Brute krag wat buite beheer is, is nie almag nie. Almag impliseer ook die mag om daardie almag te gebruik, en om dit te beheer.

Hierdie is 'n strooipopargument om God se almag verder verdag te maak. Die feit dat 'n leeu sy welpies koester is geensins 'n bewys dat hy nie die mag het om hulle te verskeur nie!

Onthou dat die panenteïstiese god vasgevang is in die natuur, en dus onderworpe aan die wette van die natuur is.<sup>xxiv</sup> Kyk net hier hoe blatant verwerp die skrywers van die “Eietydse interpretasie” God se vermoë om wonderwerke buite om die wette van die natuur te doen:

Eietydse interpretasie, paragraaf 39: Aan die ander kant moet 'n mens waak teen opvattinge waarvolgens wonderwerke verstaan word as God se ingrype teen die wette van die natuur. Dan word dit voorgelê asof God vir 'n oomblik hierdie natuurwette opskort om vinnig iets te doen voordat jy nog jou oë kan knip. Só 'n God is nie baie betroubaar nie. God as Verlosser kom dan in stryd met God as Skepper. In elk geval is die wette van die natuur veel meer kompleks as wat ons mag dink. Die wette beperk nie die moontlikhede nie, maar ontsluit dit juis.

Mens moet dus aanneem dat Lasarus nie uit die dood opgewek is nadat sy lyk al begin vrot het nie.

Die idee dat 'n God wat beheer oor sy eie skepping kan neem deur buite om die wette van die natuur in die skepping in te gryp, onbetroubaar is, is so absurd dat ek nie eers daarvoor kommentaar wil lewer nie. Al wat ek wil sê daarvoor is dat die natuurwette ontstaan het in die skeppingsoomblik. Die skeppingsdaad het dus, in die skepping van die natuurwette, noodwendig buite om die natuurwette plaasgevind. Die skepping self is dus 'n “ingrype teen die wette van die natuur”! God as Skepper is dus noodwendig nie gebind aan die wette van sy skepping nie!

Hierdie verwerping van bonatuurlike wonderwerke is afdoende bewys dat die skrywers van hierdie dokument die Gereformeerde, Bybelse teïstiese godsbeeld verwerp.

En dan probeer hulle hierdie verwerping van Bybelse teïsme versag deur te sê, “die natuurwette is meer kompleks as wat ons dink...”<sup>xxv</sup> Hierdie poging tot verontskuldiging flous niemand nie. Lasarus se lyk het begin ontbind, geen natuurwette wat ons nog nie verstaan nie kan 'n ontbinde lyk weer lewendig maak nie.

***Ek moet hier bevestig: Die Gereformeerde Christelike godsdiens praat wel van God se almag in enige, en veral ook die absolute, sin van die woord!***

### **3. Die sondeval word verwerp**

As God die wese van die skepping is, is totale verdorwenheid, soos dit in die Gereformeerde belydenis geleer word onmoontlik. Dit sou beteken dat 'n deel van God totaal boos moes wees! Volgens panenteïsme is skepping die proses van devolusie uit god en dan evolusie terug na god. God is die substans van die skepping – die skepping (materie) is 'n devolusie of uitkristallasie van die substans van god. Deur die proses van evolusie groei materie terug na die gees. Uit dooie materie ontwikkel lewe, en uit die lewe ontwikkel intellek, en uiteindelik uit die intellek ontwikkel selfbewustheid en godsbewustheid. Die mens is nie totaal verdorwe nie, maar doen kwaad omdat hy vergeet het hy is god. Die mens se “sondigheid” is dus die natuurlike gevolg van sy skepping deur devolusie uit god.

Die sondeval is 'n sentrale leerstelling van die Gereformeerde geloof. Daarsonder tuimel die hele leerstellige sisteem in duie. As die mens nie verdorwe is nie, het die mens ook nie 'n verlosser nodig

nie. Genade is dan oorbodig.

Om hierdie rede word panenteïstiese verlossing dan ook gesien as 'n herwinning van die skepping se self-godsbewustheid. Kennis dat jy self god is.

Verwerping van die sondeval is 'n verwerping van die Gereformeerde belydenis.

Dortse Leerreëls, Hoofstuk 3, par 1: Die mens is van die begin af na die beeld van God geskep. Verstandelik was hy toegerus met ware en heilsame kennis van sy Skepper en van geestelike sake. In sy wil en hart was hy met geregtigheid toegerus, en sy hele gesindheid was suiwer. Hy was dus volkome heilig. Maar deur die ingewing van die duiwel en uit sy eie vrye wil het hy hom van God losgeskeur en homself van hierdie uitnemende gawes beroof.

Die volgende is belangrik:

- Die mens is goed geskep.
- Die Gereformeerde belydenis bevestig die mens se vrye wil voor die sondeval.
- Die Gereformeerde belydenis bevestig God se onskuld in die sondeval.
- Die sondeval is dus nie deur God verordineer nie maar voorsien. Dit was nie ontologies onafwendbaar nie maar moontlik. <sup>xxvi</sup>
- Die mens se verdorwenheid as gevolg van die sondeval is totaal.

Dit is ook belangrik om daarop te let dat die hele skepping geval het en vervloek is saam met Adam:

Genesis 3:17 Vir die mens het die Here God gesê: “Omdat jy na jou vrou geluister het en geëet het van die boom waarvan Ek jou verbied het om te eet, “is die aarde deur jou toedoen vervloek; met swaarkry sal jy daaruit 'n bestaan maak, jou lewe lank;

Romeine 8:20 Die skepping is immers nog aan verydeling onderworpe, nie uit eie keuse nie, maar omdat God dit daaraan onderwerp het. Daarby het Hy die belofte van hoop gegee: 21 die skepping sal self ook bevry word van sy verslawing aan die verganklikheid, om so tot die vryheid te kom van die heerlikheid waaraan die kinders van God deel sal hê.

Du Toit skryf op bl 154 van sy boek “God? Geloof in 'n postmoderne tyd.”:

“Indien die mens 'n keuse gegee word tussen goed en kwaad, tussen reg en verkeerd, van die boom eet of nie van die boom eet nie, is die sonde 'n onafwendbare gegewe uit die manier waarop die skepping gemaak is.”

Uit du Toit se skrywe is dit duidelik dat hy glo dat die sonde onafwendbaar was. Die mens is dus nie goed geskep nie maar defektief. Daar is dus nie 'n voor-die-sondeval toestand in antitese met 'n na-die-sondeval toestand nie. Die mens is so gemaak en so laat staan. Daarom sondig hy.

Hierdie verwerping van die sondeval word baie subtiel in die “Eietydse interpretasie van die Apostoliese Geloofsbelydenis” verkondig.

Eietydse interpretasie: 26. Daar is iets goeds en iets kwaads in die mens. Maar hoe hou dit met mekaar verband? Moet ons hoop dat daar ten minste meer goed as kwaad is? Wat beteken “goed” nou eintlik? Perfek, 'n goeie begin, of net OK? Goed soos in 'n goeie produk, 'n goeie voorbeeld, of 'n goeie mens? Of is die skepping dalk goed in die sin waarin die kruis “goed” is? Waar kom die kwaad in elk geval vandaan? Is “die kwaad” die

noodwendige teenpool van dit wat “goed” genoem word? As jy vir die een kies, dan word die ander tog geïmpliseer, of hoe? Of lê die kwaad dalk opgesluit in dit wat materieel is? Die Christelike kerk het deur die eeue daaraan vasgehou dat God se skepping self “goed” is. Dit is ook nie verbasend nie, wanneer ons telkens in Genesis 1 aan die einde van elke dag se skeppingsgebeure die frase lees: “En God het gesien dit is goed.” Daarom is geglo dat die kwaad nie van God af kom nie. Dit het egter ’n konstante stryd afgegee. Die Joodse waardering vir dit wat aards en liggaamlik is, vir die lewe self, het dikwels te staan gekom teen ’n Griekse klem op die suiwere idees, op dit wat verhewe is, wat onveranderlik en essensieel is. Die kerk het met verskillende denkrigtings te doen gehad wat die goedheid van God se skepping bevraagteken het. Enige waarderende opmerking oor iets in die skepping wat goed is, moes met groot moeite verdedig word. Tot vandag toe is daar nog ’n soort tweedeling onder gelowiges aanwesig waarvolgens die siel belangriker geag word as die liggaam, idees belangriker as materie, die hemel belangriker as die aarde, die kerk belangriker as die samelewing, geloof belangriker as wetenskap, verlossing belangriker as skepping. Deesdae het die pendulum begin swaai en geld die omgekeerde dikwels, met ewe gevaarlike gevolge.

Seksualiteit gaan byvoorbeeld hiervolgens net oor die liggaam en niks meer nie, dit is ’n soort sport, wat tegnieke vra en beloon word met orgasmes. Dit gaan dan oor vaardigheid waarby min waardigheid oorbly.

Alhoewel daar voorheen in die dokument skrams na die “gevalle skepping” verwys word, word die sondeval in hierdie paragraaf wat handel oor die bron van boosheid heeltemal uitgelaat. Let op dat die skepping “goed” genoem word in die teenwoordige tyd: (Dit word vroër in die dokument ook gedoen)

- “Of is die skepping dalk goed in die sin waarin die kruis “goed” is?”
- “Die Christelike kerk het deur die eeue daaraan vasgehou dat God se skepping self “goed” is.”

Die Gereformeerde belydenis is baie duidelik: Die skepping *was* goed. Dit *is nou* vervloek en aan verdeling onderworpe.

Die vraag word dan gevra:

“Waar kom die kwaad in elk geval vandaan?”

***In plaas van om die Gereformeerde leer van die sondeval aan te bied as antwoord, word dit verswyg en word twee ander alternatiewe aangebied!***

- Dualisme: Goed kan nie bestaan sonder kwaad nie. Calvin en die Gereformeerde belydenisskrifte verwerp dualisme in die vorm van die dwaling van die Manigeërs
- Gnostisisme: Materie is boos en gees is goed. Die Kerk het gnostisisme in die eerste eeue na Christus reeds verwerp. Materie moet nooit verwar word met die “vlees” wat in die nuwe Testament na die mens se verdorwe natuur verwys nie. Die “vlees” is ’n toestand van die holistiese mens se gevalle liggaam en siel/gees, nie die materiële liggaam nie. Woorde het soms wel meer as een betekenis! Calvin doen moeite om hierdie verwarring uit die weg te ruim.<sup>xxvii</sup>

Die vraag wat ten hemele skreeu is dit: ***Waarom gee die skrywers nie die Bybelse en***



***Gereformeerde antwoord op die vraag oor waar die kwaad vandaan kom nie?***

***Wat is hulle agenda?***

En dan kom die verwerping van die leer van Genade Alleen:

Eietydse interpretasie: “Die Christelike belydenis is dat die Woord vlees geword het en onder ons kom woon het (Johannes 1). Hier gaan dit om die menswording van God. Dat dit ten minste vir ons iets belangriks wil sê van die menswaardigheid van alle mense, meer nog, die God-waardigheid van mense, kan nie betwyfel word nie. Dat daarmee 'n positiewe waarde oor menswees as sodanig uitgespreek word, kan nie betwis word nie”

Wat die skrywers hier beweer is dat God mens geword het omdat die mens, ten spyte van al die kwaad, tog nie té sleg is nie! Die mens is steeds goed genoeg dat God mens moes word. Die mens is God-waardig. Ons is God werd! Kyk maar weer na die eerste sin van paragraaf 26:

***Daar is iets goeds en iets kwaads in die mens.***

Kyk bietjie wat sê die Dordtse leerreëls oor hierdie stelling. Daar is niks goeds in die mens nie!

Dordtse leerreëls Hoofstuk 3: 2b Daarenteen het hy in die plek daarvan oor homself gebring: blindheid, verskriklike duisternis ydelheid en verdorwenheid van verstandelike oordeel, boosheid, rebellie en hardheid van sy wil en hart, sowel as onsuiverheid van sy hele gesindheid.

2. Net soos die mens ná die val was, so was ook die kinders wat hy voortgebring het. As verdorwene het hy verdorwe kinders voortgebring. Dit hou in dat die verdorwenheid, volgens die regverdig oordeel van God, van Adam af op al sy nakomelinge oorgegaan het. Net Christus is hierin 'n uitsondering. Die verdorwenheid van die mens ontstaan dus nie deur navolging, soos die Pelagiane vroeër beweer het nie, maar deur die voortplanting van die verdorwe natuur.

3. Alle mense word daarom in sonde ontvang en as kinders van die toorn gebore, onbekwaam tot enigiets goeds wat sou kon salig maak, geneig tot die kwaad, dood in die sonde en slawe van die sonde. Sonder die genade van die Heilige Gees, wat die wedergeboorte skenk, kan en wil hulle nie tot God terugkeer of hulle verdorwe natuur verbeter of onderneem om dit te verbeter nie.

Dordtse leerreëls Hoofstuk 1:1. Alle mense het in Adam gesondig en hulle skuldig gemaak aan die vloek en die ewige dood. Daarom sou God niemand verontreg het as dit sy wil was om die hele menslike geslag in die sonde en vervloeking te laat bly en vanweë die sonde te veroordeel nie. Daarom leer die apostel: die hele wêreld is voor God doemwaardig (Rom 3:19). Almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God (Rom 3:23) en: Die loon van die sonde is die dood (Rom 6:23).

Die mens is dus totaal verdorwe. Die bietjie lig van die natuur wat in die mens oorgebly het is nie enigins God se verlossing of Christus se inkarnasie werd nie. (Dordt hoofstuk 3:4)

Die mens is nie God-waardig nie, maar hel-waardig!

Is daar enigiets goed in die mens wat maak dat God hom sou red? Kyk wat sê die Dordtse leereëls daaroor: (Beklemtoning myne)

**9. Hierdie uitverkiesing het nie op grond van vooruitgesiene geloof, geloofsgehoorsaamheid, heiligheid of enige ander goeie hoedanigheid of geskiktheid van die mens tot stand gekom nie.** Dit alles kan nooit vooraf as rede of voorwaarde vir die uitverkiesing van die mens vereis word nie. Die uitverkiesing is immers die oorsaak van geloof en geloofsgehoorsaamheid, heiligheid, ensovoorts. Daarom is die uitverkiesing die fontein van alle saligheid waaruit geloof, heiligheid en al die ander saligmakende gawes, en uiteindelik die ewige lewe self, as vrugte en gevolge daarvan voortvloei. Die apostel getuig immers: Om heilig en sonder gebrek voor Hom te wees (Ef 1:4), en nie ómdat ons alreeds so was nie.

10. Die oorsaak van hierdie genadige uitverkiesing is inderdaad slegs die welbehae van God. **Dit bestaan nie daarin dat Hy uit alle moontlikhede sekere menslike hoedanighede of dade as 'n voorwaarde vir die saligheid uitgekies het nie.** Dit bestaan wel hierin dat Hy sekere bepaalde mense uit die hele menigte van sondaars as sy eiendom aangeneem het.

Die Eietydse interpretasie beweer: God het mens geword omdat die mens God-waardig is.

Die Gereformeerde belydenis leer: Die mens is slegs hel-waardig. God het mens geword omdat Hy die mens lief het.

Die Eietydse interpretasie beweer: Die feit dat God mens geword het sê iets van die mens.

Die Gereformeerde belydenis leer: Die feit dat God mens geword het sê iets van God.

Uit die Eietydse interpretasie moet mens dus aflei dat die mens dus nie net uit genade alleen gered word nie, maar ook omdat hy “nie heeltemal so sleg is nie.” **Dit is 'n verwerping van die Evangelie van Genade Alleen omdat dit die sondeval verwerp.**

**Die opstellers van die “Eietydse interpretasie van die Apostolicum” verwerp dus een van die Gereformeerde belydenis se sentrale pilare. Hulle behoort onder die tug geplaas te word.**

#### **4. Die bestaan van die duiwel word verwerp.**

Indien God in alles en alles in God is, is die bestaan van 'n suiwer bose wese onmoontlik. Die bestaan van die duiwel is dus 'n logiese onmoontlikheid in pantenteïsme.

- Die verwerping van die bestaan van die duiwel het niks met Ou Testamentiese hermeneutiek uit te waai, soos Dr Gerda de Villiers beweer, nie.
- Die wetenskap het nie bewys dat die duiwel nie bestaan nie, soos Dr Ben du Toit graag hardop fantaseer nie. Hierdie stelling van du Toit is ooglopend absurd en naïef.
- Dit het ook niks te doen met die karikatuur van die mannetjie met die pylstert en die drietandvurk wat op jou skouer sit, soos Prof Nelus Niemandt in 'n radio-onderhoud beweer het nie. Die bestaan van die duiwel word ook nie verwerp op grond van dualisme nie – die Christelike godsdiens was nog nooit dualisties nie.

Die bestaan van die duiwel word deur panenteïste verwerp omdat hy logies nie kan bestaan as God die substans of wese van die skepping is nie.

Dit is so eenvoudig soos dit.

### **Die verwerping van die bestaan van die duiwel is onverenigbaar met die Gereformeerde belydenis.**

NGB Artikel 12: Die skepping van alle dinge, veral van die engele  
 Ons glo dat die Vader, toe Hy dit goedgevind het, deur sy Woord, dit wil sê deur sy Seun, die hemel en die aarde en alle skepsels uit niks geskep het. Hy het aan elke skepsel 'n eie wese, gestalte en voorkoms en onderskeie take gegee om sy skepper te dien. Hy onderhou en regeer hulle almal nou nog deur sy ewige voorsienigheid en oneindige krag om die mens te dien, sodat die mens sy God kan dien; en Hy het ook die engele goed geskep om sy boodskappers te wees en sy uitverkorenes te dien.

Sommige van die engele het uit die verheuenheid waarin God hulle geskep het, in die ewige verderf verval, maar die ander het deur die genade van God in hulle toestand volhard en staande gebly. Die duiwels en bose geeste het so\_ ' ontaard dat hulle vyande van God sowel as van alles wat goed is.

Soos moordenaars loer hulle op die kerk – ook op elke lidmaat – om dit met alle mag in die verderf te stort en om alles deur hulle bedrieëry te verwoes. Daarom staan hulle deur hulle eie boosheid veroordeel tot die ewige verdoemenis en verwag hulle daagliks hulle verskriklike pyniging. Daarom verfoei ons ook die dwaling van die Saduseërs, wat ontken dat daar geeste en engele is; ook verwerp ons die dwaling van die Manigeërs, wat sê dat die duiwels hulle oorsprong uit hulleself het en reeds van nature sleg is en nie sleg geword het nie.

Om te beweer dat Artikel 12 van die NGB enigiets anders leer as dat die duiwel en demone persoonlike wesens is, is laakbare oneerlikheid.

### **Die dwaling dat die duiwel nie bestaan nie in die NG Kerk.**

#### **Dr Ben du Toit en die Algemene Sinode van 2011**

Op 12/10/2011 het die Algemene Sinode die volgende besluit geneem:

14.7: Die Algemene Sinode aanvaar die werklikheid dat daar 'n wye diversiteit van interpretasies en toepassing van die Bybelse boodskap oor die bose en demone binne die NG Kerk is. Daar is ruimte vir lidmate wat aan die werklike en persoonlike aard van die duiwel en demone glo, en daar is ruimte vir lidmate wat die Bybelse spreke oor die bose en duiwels anders interpreteer.

Die volgende dag het Dr Ben du Toit triomfantlik aan Neels Jackson van Rapport<sup>xxviii</sup> verklaar dat hy nie aan die bestaan van die duiwel glo nie. Hy kón maar so sê, want die sinode het hom die vorige dag die groen lig gegee.<sup>xxix</sup> Triomfantlik, want hy was een van die samestellers van die konsepresolusie.

En dan berig BEELD dat die besluit om die bestaan van die duiwel te verwerp gegrond is op “'n ernstige vertolking van die Bybel en die belydenisskrifte.” Ek verwys die leser na my artikel oor Dr du Toit se boek “God? Geloof in 'n postmoderne tyd” om te sien hoe “ernstig” sy vertolking van die Bybel is om tot die gevolgtrekking dat die duiwel nie bestaan nie te kan kom.

Dr du Toit beweer in sy boek en ook in sy persoonlike brief aan Dr Heine dat ons nie in die bestaan van die duiwel kan glo nie omdat ons nou 'n wetenskaplike wêreldbeeld het. Die implikasie is duidelik dat die wetenskap bewys het dat die duiwel nie bestaan nie. Die naïwiteit en absurditeit van so 'n stelling is asebenewend en getuig van 'n grondige onkunde oor die aard van die wetenskap.

### **Dr Gerda de Villiers en die duiwel**

Dr Gerda de Villiers het onlangs die koerante (Kerkbode en Rapport) gehaal met 'n artikel oor die duiwel in die Ou Testament. Die artikel is beskikbaar op die amptelike webwerf van die departement teologie<sup>xxx</sup>. Die objektiewe inligting wat sy in die artikel aanbied is niks nuuts nie, dit is al eeue in die Christelike kerk bekend, en geen ware gelowige het nog ooit voorheen die bestaan van die duiwel op grond daarvan bevraagteken nie.

In haar gevolgtrekking maak sy egter die Gereformeerde belydenis verdag en verwerp sy daardeur die belydenisskrifte van die NG Kerk:

Die konsep van die satan as 'bose, as die Here se aartsvyand in die Ou Testament moet afgewys word. Selfs waar die hy die mens leed aandoen of beskuldig, staan hy steeds onder gesag van die Here, en tree nie as sy teenpool op nie. Satan as persoon, as vyand van die Here was nie deel van Ou Israel se geloof nie. Wanneer ons die Ou Testament lees, moet ons hierdie wêreld in gedagte hou, en versigtig wees om die latere duiwel van die Nuwe Testament en Christelike kerk in tekste in te lees. Want die Ou Testament ken hom nie.

Sy beweer ons moet “versigtig wees om die latere duiwel van die Nuwe Testament en Christelike kerk in tekste in te lees. Want die Ou Testament ken hom nie.” Met met hierdie sin verwerp sy al drie die volgende beginsels:

- Die Bybel is deur God geïnspireer en moet as sodanig gelees en uitgelê word.
- God se openbaring is progressief.
- Omdat God se openbaring progressief is, moet die Ou Testament in die lig van die Nuwe Testament gelees word.

Indien sy geglo het dat die Bybel, en spesifiek Openbaring, deur God inspireer is, sou sy onmiddelik die slang van Genesis as die satan identifiseer het.

Openbaring 12:7 Daar het toe oorlog gekom in die hemel: Migael en sy engele moes oorlog voer teen die draak. Die draak en sy engele het oorlog gevoer,<sup>8</sup> maar hulle is verslaan. In die hemel was daar geen spoor meer van hulle te vind nie, <sup>9</sup> want die groot draak, die slang van ouds, wat die duiwel en die Satan genoem word en wat die hele wêreld verlei, is uit die hemel uit gegooi. Hy is op die aarde gegooi en sy engele saam met hom. <sup>10</sup> Toe het ek 'n stem in die hemel gehoor wat hard uitgeroep het: “Nou het ons God die redding gebring, nou is sy mag en koningskap hier, en die gesag van sy Gesalfde! Die aanklaer van ons medegelowiges is uit die hemel uit gegooi, hy wat hulle dag en nag voor ons God aangekla het.

Die vraag is, waarom word hierdie ou nuus nou as nuuswaardig aan die koerante verkoop? En waarom bied sy dit nou aan asof dit twyfel sou kon werp op die bestaan van die duiwel? Selfs 'n oorsigtelike kennis van Calvin se leer oor die duiwel verklaar al haar sogenaamde probleme met die duiwel in die Ou Testament. Kerkbode plaas die artikel direk binne die huidige konflik in die

kerk oor die bestaan van die duiwel. <sup>xxxi</sup> Dit is ook belangrik om daarop te let dat dit 'n paar dae publiseer is voor die appèlsaak in Dr du Toit se leerdwaling tugondersoek.

Hierdie artikel het duidelik die doel om Dr Ben du Toit in sy poging om dwaalleer in die kerk in te bring te ondersteun deur die skyn van akademiese legitimititeit aan sy dwaling te verleen.

### **Prof Nelus Niemand wil nie sê of die duiwel bestaan nie...**

Hier volg 'n uittreksel uit 'n onderhoud wat Evert Buurman met prof Nelus Niemandt, nuutverkose (tydens die 2011 Algemene Sinode) Moderator van die NG Kerk, gehad het op "Met ander woorde" op [www.uitsaaines.co.za](http://www.uitsaaines.co.za) op 26 Oktober 2011.

Evert (3:10): Die eerste een [onderwerp] is die bestaan van Satan as 'n fisiese wese, al dan nie en dan meer spesifiek die uitdruwing van bose geeste of demone of wat ookal. Wat presies behels dit en wat het daar gebeur?

Nelus: Kyk, ek dink die rede hoekom die saak op die tafel gekom het is omdat daar in heelwat kerke pastorale praktyke is waar mense sê dat mense onder die beheer is van die bose en dat daar op 'n manier pastoraal toegetree word of wat 'n mens sommer in gewone Afrikaans sou sê dat mense die bose of die slegte uit so iemand sal verwyder of op 'n manier... Duiwels "uitdryf" is nou maar die kort en klaar woordjie wat mense daarvoor gebruik. Nou dit het natuurlik die NG Kerk genoop om ernstig na te dink oor hoe dink ons oor die bose en dis natuurlik 'n proses wat baie duidelik en uit die staanspoor uit erken het dat die bose 'n belangrike deel van die werklikheid is waarin ons ons bevind. Dit is doodgewoon hoe dit in die lewe is. ***Dan is die vraag: so 'n bose, so 'n krag wat eintlik teen die goedheid en die genade en die liefdevolle versorging van die lewende God staan, kan dit 'n persoonlike karakter aanneem?*** Is dit iets soos wat ons baiekeer in prentjies sien van 'n duiwel? ***Party mense maak dit partykeer selfs belaglik soos 'n mannetjie met 'n vurk en 'n pylstert. Hoe sou dit werk? Een van die dinge wat die sinode gesê het is dat ons ook verstaan dat daar mense is wat uit die goeie eksegeese in teologie en diep nadenke oor die Bybel sê maar die duiwel is nie op so 'n manier 'n persoon of wese wat op so 'n manier teen God kan staan nie.*** God is groter en sterker as dit. Daar is ander mense wat sê nee, hulle is oortuig dat die duiwel so 'n persoonlike wese is, iemand wat 'n bepaalde persoonlike karakter het. Nou, nadat dit erken is, is daar nou nie eintlik 'n keuse daarvoor gemaak nie, maar is dit gesê binne die breë tema om te sê die kerk is baie baie diep bewus van die kwaad van krag en mag en menslike gesindheid wat teen God staan, en dat dit verskillende uitdrukkings kan neem. En dan in die tweede belangrike gedeelte het die Algemene Sinode erken dat daar predikante kan wees wat 'n pastorale bediening het waar hulle mense begelei en in gevalle waar dit moontlik kan voorkom en waar dit daarop dui dat mense baie baie sterk onder die invloed van die bose is, dat sulke mense bevry word. Maar dan is dit in die geval van die NG Kerk 'n baie sober reëling – iets wat eintlik in die sinode gesê is – buitengewone bediening. Dit is nie iets wat alledaags is nie en daar moet sterk toesig van die kerkraad en van ringe in sulke gevalle wees.

Evert (6:22): Glo jy in die duiwel se bestaan as fisiese wese?

Nelus: Kyk, dit is nou die punt mos nou wat ons in die kerk ook gesê het. Ek is self huiwerig om daardie idee van 'n fisiese wese wat dan skielik alomteenwoordig kan wees, vergelykbaar is met God. Ek het eintlik in my eie lewe al lankal uitgemaak dat ek my nie vreeslik besig wil hou of my teologie laat definieer, hoe ek oor die duiwel dink nie. Ek wil

my teologie laat definieer oor God en God se liefde, heerskappy en God se betrokkenheid in my lewe en sy skepping wil dink. En dit is eintlik die soort van uitgangspunt wat die Algemene Sinode ook gebruik het om eintlik te praat oor die lewende God en hoe die lewende God 'n bron van goedheid is en in ons lewe werk en dit moet ons uitgangspunt wees: Sy genade, Sy oorwinning en dan veral die oorwinning van Jesus Christus aan die kruis oor die bose. So in my eie bediening as predikant sou ek ook eerder wou fokus en daarop sê ek is baie baie diep bewus van die wyse waarop die kwaad en die bose in mense se lewe na vore tree en mense se verhoudinge versteur, die verhouding met God versteur, 'n slegte karakter aanneem. ***Soos ek dit verstaan in die Bybelse eksegese, is ek baie huiwerig om aan die duivel die soort identiteit te gee soos wat party mense doen soos ek sê wat soms belaglik is, wat soms aan die duivel amper Goddelike mag kan toeken en ek sou meer neig om te gaan na 'n beskrywing wat ietsie erken van hierdie, wil ek maar amper sê, misterieuse teenhanger teen mag wat teenoor die lewende God staan, bose mag of krag wat daar is.***

Let op die volgende uit hierdie transkripsie:

- Prof Niemandt antwoord nie die vraag nie maar omseil dit.
- Hy stel twee strooipoppe op en skiet dit dan af: Die karikatuur van die duivel as pylstertmanneling op jou skouer, en die vals idee van die dwaling van die Manigeërs, dat die duivel 'n soort anti-god is wat dualisties op gelyke voet met God staan. Geen ingeligde, wedergebore Christen het in die afgelope twee millenia enige van hierdie twee strooipoppe geglo nie. Tog gebruik Prof Niemandt hierdie absurditeite om die vraag te kan ontduik.
- Hy beweer dat die mense wat glo dat die duivel nie bestaan nie hulle opinie grond op goeie eksegese, teologie en diep nadenke grond. ***So verskaf hy aan hierdie dwaalleraars legitimiteit.***

Waarom reageer Prof Niemandt so op hierdie vraag?

Hierdie vraag het my genoop om met prof Niemandt in persoonlike gesprek te gaan, wat op die ou end, nadat hy geweier het om my in privaat te antwoord op vrae oor wat hy glo, in 'n openbare gesprek ontaard het. Die uiteinde van die openbare gesprek was nie dat hy 'n openbare belydenis gemaak het dat hy Artikel 12 van die NGB onderskryf nie, maar dat hy my op die voorblad van Kerkbode 'n aanstootlike leuenaar genoem het.

En nou nog weet niemand wat Prof Niemandt werklik oor die duivel glo nie!

Sover ek weet het hy tot nou nog nie in die openbaar verklaar of die duivel bestaan of nie.

***Waarom nie?***

**Laaste woorde oor die bestaan van die duivel:**

- As ek beweer dat ek IN Jesus glo, bestaan die minimum vereiste dat ek ten minste VIR Jesus moet glo.
- Jesus het gesê die duivel is 'n persoon.
- As ek die teendeel beweer, verklaar ek dus vir Jesus tot leuenaar of geestelik versteurde.
- As ek beweer dat ek IN Jesus glo, maar ek glo nie VIR Jesus nie is ek 'n leuenaar en 'n bedriever.

## 5. Die ewige verdoemenis word verwerp.

Omdat die hele skepping deel van god is, is totale afskeiding van god 'n logiese onmoontikheid in panenteïsme. Die verwerping van die hel het dus absoluut niks te doen met wat die Bybel leer nie, dit is die gevolg van die panenteïstiese wêreldbeeld en filosofie.

### Verwerping van die ewige verdoemenis is onverenigbaar met die Gereformeerde belydenis.

Die geloofsbelydenis van Athanasius: “En die wat goed gedoen het, sal die ewige lewe ingaan, maar die wat sonde gedoen het, in die ewige vuur.”

HK: Vraag 10: Wil God hierdie ongehoorsaamheid en afval ongestraf laat bly?

Antwoord: Nee, glad nie; intendeel, sy toorn is verskriklik (a) sowel oor die erfsonde as oor die sonde wat ons self doen: Hy wil dit in die tyd en in die ewigheid met 'n regverdige oordeel straf (b). Hy het immers gesê: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie (c).

(a) Gen 2:17; Rom 5:12. (b) Ps 50:21; 5:6; Nah 1:2; Eks 20:5; 34:7; Rom 1:18; Ef 5:6. (c) Deut 27:26; Gal 3:10.

NGB: 20: . So het God sy regverdigheid teenoor sy Seun betoon toe Hy ons sondelas op Hom gelê het en so sy goedheid en barmhartigheid uitgestort oor ons, wat skuldig was en die ewige vervloeking verdien het.

Dordt, 2:1. God is nie alleen in die hoogste mate barmhartig nie, maar ook in die hoogste mate regverdig. Sy geregtigheid – soos Hy Hom in sy Woord geopenbaar het – eis dat ons sondes, wat teen sy oneindige majesteit begaan is, nie alleen met tydelike nie, maar ook met ewige strawwe na siel en na liggaam gestraf moet word. Ons kan aan hierdie strawwe nie ontkom nie, tensy aan die geregtigheid van God voldoen word.

### Verwerping van die ewige verdoemenis in die NG Kerk

#### Dr Ben du Toit

In sy boek “God? Geloof in 'n postmoderne tyd.” skryf hy op bl 115:

“In die premoderne denkstruktuur het die klem geval op eksklusiwiteit. Hierdie appél op sekerheid deur middel van absolute waarhede het die weg gebaan vir eksklusiewe geloofsgroeperinge: Elkeen het geglo sy/haar groep, geloofsgemeenskap, kerk of geloof is die engste ware een. Almal wat nie so glo nie is verwerp, verlore, verdoem. Slegs die uitverkorenes, of ingewydes, sal begunstig word. Hierdie begunstiging word bepaal deur geloof en handeling.

Via die modernisme het ons nou in die postmoderne tyd aangeland by die wete dat sodanige absolute kennis 'n vergissing is...”

En op bl 117:

“Dit beteken dat iemand wat met die bewussyn van hierdie prosesse leef nie meer eksklusief kan dink oor God, die kerke en die Christendom as sodanig nie, maar inklusief.”

Let op: Ons kan nie meer “eksklusief dink oor die Christendom as sodanig” nie. Die waarheid van die Christelike godsdiens is slegs 'n sosiale konstruksie. Dit kan geen groter aanspraak op absolute

waarheid maak as enige ander godsdiens nie.

Kerkbode berig op 17/03/2012<sup>xxxiii</sup> dat Dr du Toit die volgende gesê het met die bekendstelling van die twee uitgawe van sy boek “God? Geloof in 'n postmoderne tyd.”

Hy meen egter daar is bepaalde fundamentele waarhede wat die geloof kenmerk. Vir hom as Christen is Jesus die enigste weg. “Ek is egter nie bereid om te bespiegel oor wat met mense van ander gelowe gebeur na die dood nie, want ek weet nie.”

Hiermee verwerp hy die eksklusiewe aard van die Christelike geloof en die belydenisskrifte se ondubbelsinnige uitsprake oor God se ewige straf.

### **Prof Anton van Niekerk**

Prof van Niekerk was in 2011 'n proponent van die NG Kerk, en betrokke by die opleiding van kwekelinge van die NG Kerk as voorsitter van Maties se filosofie departement. Hy het op 19/10/2012 aan my die volgende persoonlike epos gestuur. (Beklemtone myne)

Ek sal dit baie hoog op prys stel in die u ophou om my tyd te mors met belaglikhede soos hierdie volgehoue aanvalle op en insinuasies teen die NG Kerk en verantwoordelike ampsdraers van daardie kerk. Die onlangse besluit van die NG Kerk se Algemene Sinoide om die Belhar Belydenis te aanvaar, is 'n besluit wat ten minste 20 jaar gelede al moes geneem gewees het. Om Belhar te aanvaar, is sonder twyfel wat God tans van die NG Kerk vra om te doen; dis wat die Bybel vereis t.o.v. die eenheid van die kerk. ***Dit spyt my boonop om te verneem hoe vreeslik dit vir u is dat die bestaan van die duiwel, die "hel" en en dus die idee van God se "ewige straf op die sonde", tereg deur vooraanstaande teoloë bevraagteken word. Dis darem erg as 'n mens slegs in God (bly) glo omdat Hy Een is wat straf, pynig en vervolg! Is die evangelie nie 'n evangelie van genade nie? Eerder as om verdere verwarring in die kerk te help skep, behoort u u eie teologie 'n keer krities onder die loep te neem.***

Hoe dit ook al sy, spaar my asseblief verdere omsendskrywes soos hierdie. U mors u tyd. Ek loof die Here oor die onlangse Sinodebesluit oor Belhar en hoop en bid dat die eenwordingproses in die NG Kerkfamilie so gou moontlik afgehandel kan word. Dit, en niks minder nie, is wat God tans van ons vra.

Anton van Niekerk

Mens wonder wie die vooraanstaande teoloë is na wie Prof van Niekerk hier verwys. Hoeveel van die teoloë in die NG Kerk deel Prof van Niekerk se blatante verwerping van die Gereformeerde Christelike geloof soos hy dit hier duidelik uiteensit?

Prof Nelus Niemandt haal Prof Anton van Niekerk uiters positief aan in sy boek “Nuwe Drome vir Nuwe Werklikhede”. Op bl 52 verwys hy na van Niekerk se boek “Geloof sonder sekerhede: Besinning vir eietydse gelowiges” in die kantlyn kassie as “'n Lekker Afrikaanse boek”.

Waarom vewys Prof Niemandt sy lesers na iemand wat die evangelie van Christus so ondubbelsinnig verwerp soos Prof van Niekerk? Is hy onbewus daarvan dat van Niekerk die evangelie verwerp? Is hy naïef? Of stem hy dalk saam met van Niekerk se godslasterlike teologie?



## 6. Christus se verlossingswerk aan die kruis word herdefinieer.

### Die Drie Formuliere definieer Jesus se verlossingswerk aan die kruis as volg:

HK Vraag 1: Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?

Antwoord: Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe (a) nie aan myself (b) nie, maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus behoort (c). **Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal** (d) en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos (e). Hy bewaar my op so 'n wyse dat sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie (g). Alles moet inderdaad tot my saligheid dien (h). Daarom verseker (i) Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe (k).

(a) Rm 14:8. (b) 1 Kor 6:19. (c) 1 Kor 3:22; Tit 2:14. (d) 1 Pet 1:18, 19; 1 Joh 1:7; 2:2, 12. (e) Heb 2:14; 1 Joh 3:8; Joh 8:34-36. (f) Joh 6:39; 10:28; 2 Tess 3:3; 1 Pet 1:5. (g) Matt 10:30; Luk 21:18. (h) Rom 8:28. (i) 2 Kor 1:22; 5:5; Ef 1:14; Rom 8:16. (k) Rom 8:14; 1 Joh 3:3.

NGB 21. Die versoening deur Christus

Ons glo dat Jesus Christus – kragtens 'n eed – 'n ewige Hoëpriester is volgens die orde van Melgisedek. **Hy het Homself in ons naam voor sy Vader gestel om sy toorn met volledige betaling te stil deur Homself aan die kruishout te offer** en sy kosbare bloed tot afwassing van ons sondes uit te stort soos die profete dit voorspel het. **Daar staan geskrywe dat die straf wat vir ons die vrede aanbring, op die Seun van God was** en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom; dat Hy soos 'n lam na die slagpale gelei en by die misdadigers gereken is (Jes 53: 5, 7, 9); dat Hy as 'n misdadiger deur Pontius Pilatus veroordeel is al het dié Hom eers onskuldig verklaar. Hy het teruggegee wat Hy nie geroof het nie (Ps 69:5); Hy het na liggaam en siel as regverdige vir die onregverdige gely (1 Pet 3:18); Hy het die verskriklike straf wat ons sondes verdien, ervaar, sodat sy sweet soos bloeddruppels geword het wat op die grond val (Luk 22:44) en Hy het uitgeroep: “My God, my God, waarom het U my verlaat” (Mat 27:26).

Dordt 2:1. God is nie alleen in die hoogste mate barmhartig nie, maar ook in die hoogste mate regverdig. Sy geregtigheid – soos Hy Hom in sy Woord geopenbaar het – eis dat ons sondes, wat teen sy oneindige majesteit begaan is, nie alleen met tydelike nie, maar ook met ewige strawwe na siel en na liggaam gestraf moet word. **Ons kan aan hierdie strawwe nie ontkom nie, tensy aan die geregtigheid van God voldoen word.**

2. Ons self kan geen voldoening gee om ons van die toorn van God te bevry nie. Daarom het God uit oneindige barmhartigheid sy eniggebore Seun as borg aan ons gegee. **Die Seun het vir ons, of in ons plek, sonde en vervloeking aan die kruis geword om vir ons te voldoen.**

3. Hierdie dood van die Seun van God is die enigste en volmaakte offer en voldoening vir die sondes. Sy dood is van oneindige krag en waarde, oorvloedig genoeg om die sondes van die hele wêreld te versoen.

Die Drie Formuliere van Eenheid definieer Christus se versoeningswerk aan die kruis dus op een manier: Ons moes gestraf word vir ons sonde. Christus het hiërdie straf in ons plek gedra, sodat ons vrygespreek kan word.

### Herdefiniëring van Christus se verlossing in die NG Kerk

Dr Abel Pienaar is een van die NG predikante wat, in teenstelling ander teoloë wat ons belydenis verwerp, die integriteit gehad het om die kerk te verlaat. Hy het 'n “gnostiese” gemeente gestig in

Pretoria waar hy sy sinkretistiese hutspot van Buddhisme opgesmuk met Christelike terme en liturgieë aan sy gemeente verkwansel. Sy soteriologie is totaal anders as die Gereformeerde belydens: Op sy webwerf<sup>xxxiii</sup> stel hy dit baie duidelik dat elke mens Christus kan word – hy noem dit die “Reis van Homo Sapiens tot Homo Christos”. Dit is 'n baie duidelike beskrywing van die proses van devolusie-evolusie wat ek hierbo beskryf het. Die manier om dit te bereik is deur New Age ekwivalente mistiese praktyke. Daar is eintlik geen plek in sy teologie vir die Gekruisigde Jesus nie.

### **Julian Muller**

Teoloë wat soortgelyke leer aanhang maar steeds in die NG Kerk is, is natuurlik baie versigtig om so 'n dramatiese godslasterlike soteriologie in die openbaar te verwoord. Julian Muller beskryf in sy boek “Om te mag twyfel”<sup>xxxiv</sup> sy eie panenteïsme wat hy “postteïsme” noem. Dan gee hy 'n tabel op bl. 163 waarin hy teïsme vergelyk met sy eie sg. postteïsme.

In die linker tabel (waarin hy stel waarom hy teïsme hy verwerp, of ten minste daarvan aanbeweeg het na “postteïsme”) skryf hy oor teïsme: “God beoordeel ons lewe vanaf 'n afstand as regter. Hy kom om te oordeel.” en dan in teenstelling daarmee in die regter tabel (waarin hy “postteïsme” adverteer): “God is so naby aan ons soos ons gedagtes, ons asem en woorde en God is liefdevol vergewend.” En verderaan in die linker tabel: “Verlossing word gesien as die gevolg van 'n transaksie waarvolgens die mens vrygespreek word: Die sonde van die mens maak God kwaad en daarvoor moet vergoed word, Jesus betaal die prys sodat die mens bevry kan word.” met in die regter kolom: “Die klem verskuif weg van 'n transaksie tussen God en mens na 'n ervaring van God se nabyheid, liefde en insluiting. Verlossing behels lewensvervulling en 'n lewe in harmonie met God.”

Hierdie is 'n brutale verwerping van die Evangelie van Christus soos ons dit in die Bybel en die Gereformeerde belydenis vind. Let op dat Muller se god nie die sonde oordeel of straf nie. Sy god is dus geensins heilig nie – hy kan ook nie heilig wees nie omdat alle sonde in hom, as deel van hom, gepleeg word, soos Calvyn panenteïsme so duidelik in sy “Institusies” beskryf. Sy god vergewe sonder heiligheid, sonder straf. Sy god se wet is 'n klug, 'n bespotting.

As sonde nie gestaf hoef te word nie is genade ook heeltemal oorbodig. Hoe dan anders, Muller se god is dan self die mens, en Muller is self sy eie god, wat sonde doen!

### **Nelus Niemandt en Tony Jones**

Tony Jones, skrywer, teoloog en leraar by “Solomon's Porch” in Minneapolis, VSA som hierdie alternatiewe soteriologie as volg op. Hy skryf in sy boek “Reimagining Christianity”<sup>xxxv</sup>

"The Church's fixation on the death of Jesus as the universal saving act must end, and the place of the cross must be reimagined in Christian faith. Why? Because of the cult of suffering and the vindictive God behind it." Bl. 132

"The other thread of just criticism addresses the suggestion implicit in the cross that Jesus' sacrifice was to appease an angry god. Penal substitution [the Cross] was the name of this vile doctrine." Bl. 168

Waarom is Tony Jones belangrik vir die NG Kerk? Ons aandag is deur Prof Nelus Niemandt in sy radiodebat<sup>xxxvi</sup> met Johan Janse van Rensburg op Tony Jones gevestig. Prof Janse van Rensburg het

in die onderhoud beweer dat die ontluikende kerk die kruisdood van Christus herinterpreteer soos ek dit hierbo beskryf het. Prof Nelus Niemandt het onmiddellik vir Tony Jones as volg aangehaal, dat hy op die laaste bladsy van sy “nuutste boek” sou skryf:

“Die effek van die kruis is dat dit ons van sonde verlos en in die nuwe lewe in die Triniteit in nooi dat ons daar kan leef.”<sup>xxxvii</sup>

Die boek waarna Niemandt verwys het is “A Better Atonement: Beyond the Depraved Doctrine of Original Sin”<sup>xxxviii</sup> en die oorspronklike aanhaling is:

In the crucifixion, God opens the Trinity to us. The eternal love of the Trinity is made available to us in the ultimately humbling act of death on a cross, and our experience of godforsakenness is overcome, for we are now welcomed into the relation of Father, Son, and Holy Spirit.

Prof Janse van Rensburg het toe dadelik die eerste van bg twee aanhalings uit “Reimagining Christianity” aangehaal, tot Prof Niemandt se groot verleentheid. Die waarheid is, Tony Jones is onbeskaamd panenteïsties<sup>xxxix</sup>. Kyk maar hoe Prof Niemandt hom aanhaal: Ons word verlos en in die nuwe lewe in die Triniteit ingenooi. “We are welcomed into *the relation* of Father, Son, and Holy Spirit.” Let op dat hy nie sê “into a relationship with...” nie maar “into the relation of...” Hierdie is panenteïsme volgens die teologie van Jurgen Moltmann, van wie Jones en Niemandt beide dissipels is.<sup>xl</sup>

Jones verwerp die soteriologie van die Drie Formuliere van Eenheid (dat Christus in ons plek ons sondeskuld betaal het) eksplisiet in sy boek.

The problems with this concentration on God’s wrath are pluriform. First and foremost, it contradicts the experience that most of us have with God, and that a lot of us have with the Bible. Our experience of God is not of wrath, but of love. Indeed, that’s how most people experience God even before they accept the idea that Christ stands between us and God. So it seems odd to first have to convince people that God’s wrath burns against them, then to convince them that Jesus lovingly took on that wrath.

Secondly, it seems that God might need therapy. Consider this: God is really, really mad about human sin. So God looks around for someone to punish for that sin. God sends tornadoes and earthquakes and cancer, but God’s anger still isn’t sated. Finally he finds and innocent victim—who happens to be his own son(!)—and only after killing his son does God’s anger finally abate.

Hier is Jones se alternatiewe soteriologie:

Some people today may find it compelling that some Great Cosmic Transaction took place on that day 1,980 years ago, that God’s wrath burned against his son instead of against me. I find that version of atonement theory neither intellectually compelling, spiritually compelling, nor in keeping with the biblical narrative (more on this in part two, below). Instead, Jesus’ death offers life because in Christianity, and in Christianity alone, the God and Creator of the universe deigned to become human, to be tempted, to reach out to those who had been de-humanized and restore their humanity, and ultimately to die in solidarity with every one of us.

Yes, he was a sacrifice. Yes, he was “sinless.” But thank God, Jesus was also human. The hope he offers is that, by dying on that cross, the eternal Trinity became forever bound to my humanity. The God of the universe identified with me, and I have the opportunity to identify with him.

Today, and every day, I hang with him on that cross<sup>xli</sup>

Jesus se dood is dus volgens Jones niks minder en niks meer as God se identifikasie met die lydende mensdom nie. God gee in Jesus se dood vir ons slegs die geleentheid om met hom te identifiseer. Niks meer nie en niks minder nie. Onthou dat Jones, soos alle panenteïste, die leer van die erfsonde verwerp. (Kyk maar na die titel van die boek!) Waarvan moet Jesus ons dan in elk geval red?<sup>xlii</sup>

Dit is dus duidelik as Prof Niemandt Jones aanhaal, dat hy waarskynlik soos Jones 'n ander soteriologie aanhang as wat die Gereformeerde belydenis verkondig. Ek kan geen ander verklaring vind vir sy aanhaling van Jones nie.

***Prof Niemandt is die NG Kerk 'n dringende verduideliking skuldig.***

John Cooper skryf in sy boek “Panentheism. The other god of the philosophers. From Plato to present.”<sup>xliii</sup> oor die alternatiewe soteriologie van panenteïsme (beklemtoning myne):

But there is a crucial difference between the Augustinian and panentheist versions of the biblical worldview: the nature and place of sin and evil. ***In Augustinian Christianity, sin and evil are an ontological accident, outcomes that are not natural or inevitable in the fundamental structure of the world. They are inevitable by God's permissive decree but not ontologically inevitable.*** Thus Augustinians state the theme of Scripture, salvation history, this way: creation-fall-redemption-consummation. This signals that the fall is ontologically and temporally distinct from creation. They therefore affirm that redemption culminating in the consummation of the kingdom, like creation, is a gracious undertaking of God that is not a mere outcome of a natural process. ***Salvation is an amazing expression of supernatural grace.***

Panentheism sees redemptive history differently. More Neoplatonic than Augustinian, ***it typically views the fall as ontologically inevitable.*** Finite being entails nonbeing and all the tensions their interaction generates. ***Being in God's image and being fallen are correlative aspects of humans as created.*** (Vergelyk du Toit se “onafwendbare gegewe” - Wynand Louw) Panentheistic appropriations of evolutionary biology confirm this view: the earliest humans inherited mortality and moral-spiritual ambivalence as they evolved beyond their animal ancestors. Immortality and spiritual perfection were never actual or possible for our first parents. But just as creation and fall are correlative aspects of the cosmic process, so are redemption and consummation. Thus panentheists typically view the biblical narrative of salvation history as a single (dialectical) process of creation- alienation- reconciliation- consummation. This history is the result of God's continuous involvement in the world. The very same (dialectical) process by which creation occurs involves the fall, the reconciliation of the tension between creation and fall, and the final harmonization of all things in God.

For Christian panentheists, the earthly existence of Jesus Christ is either the central cause of the successful outcome of this process, as for Teilhard, Pannenberg, and Moltmann, or a primary symbol or example of the process, as for Tillich and Cobb. Both panentheist construals of redemptive history give different meanings to core doctrines of the person and

work of Jesus Christ and the Holy Spirit than Augustinian Christianity does.

***In my view, the panentheistic version of redemptive history looks more like Plotinus's emanation and return of all things to the One, read in terms of the biblical narrative, than a natural reading of the Bible from Genesis to Revelation.***

Hierdie is die kern van waarom panenteïste nie in die NG Kerk toegelaat kan word nie. Hulle wêreldbeeld verteenwoordig 'n radikale afwyking van die Gereformeerde belydenis, en verteenwoordig 'n geloofsisteem wat, behalwe vir 'n oppervlakkig gedeelde terminologie, bitter min of niks met die Evangelie van die Bybel te doen het nie.

### **Laaste woord oor Christus se verlossingsdaad aan die kruis:**

Die probleem wat enigiemand het wat die Gereformeerde belydenis omtrent Jesus se plaasvervangende sterwe aan die kruis verwerp, is dat Jesaja onbeskaamd Gereformerd was:

Jesaja 53:5 Oor óns oortredings is hy deurboor, **oor óns sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring**, was op hom, deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom. 6 Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop, maar die Here het ons almal se sonde op hom laat afkom. 7 Hy is mishandel, maar hy het geduldig gebly, hy het nie gekla nie. Soos 'n lam wat na die slagplek toe gelei word en soos 'n skaap wat stil is as hy geskeer word, het hy nie gekla nie. 8 Terwyl hy gely het en gestraf is, is hy weggeneem, en wie van sy mense het dit ter harte geneem dat hy afgesny is uit die land van die lewendes? **Hy is gestraf oor die sonde van my volk.** 9 Hy het 'n graf gekry by goddeloses, hy was by sondaars in sy dood al het hy geen misdaad gepleeg nie en al was hy nooit vals nie. 10 **Dit was die wil van die Here om hom te verbrysel, om hom die pyn te laat ly. As hy sy lewe as skuldoffer gee, sal hy 'n nageslag hê en nog lank lewe, deur hom sal die wil van die Here sy doel bereik.**

Tony Jones, Julian Muller, Anton van Niekerk en enigiemand anders wat God se heilige woede oor die sonde ontken of verwerp het 'n ernstige probleem met Jesaja 53. Miskien is dit waarom Dr Gerda de Villiers die idee dat Jesus in die Ou Testament voorspel word so afstootlik vind!

### **7. Christus se uniekheid word ontken.**

Panenteïste verwerp nie Jesus se godheid nie. Hulle sal die Drie-Eenheid en Jesus se godheid met hand en tand verdedig. Maar wat hulle dikwels nie vir mens sê nie is dat hulle dink dat Jesus nie eintlik iets besonder is nie. Jesus is wel god, maar ons is ook god net soos hy. Die verskil tussen ons en Jesus is eenvoudig dat Jesus tot volle besef van sy godheid gekom het (dit is 100% ekwivalent aan die Buddhistiese konsep van “enlightenment”) en ons nie. Maar soos Tony Jones hierbo sê: God se radikale identifikasie met die mensdom in die kruis van Jesus maak dit vir ons moontlik om met hom te identifiseer.

En dit is nie net 'n verhoudings-identifikasie soos ons in die Gereformeerde belydenis leer nie. Dit is 'n ontologiese identifikasie. Verwys maar weer na Abel Pienaar se reis van Homo Sapiens na Homo Christos!

Die probleem is: Daar is twee aspekte wat Christus uniek maak en Hom so verhef tot 'n vlak bo dié wat enige ander mens ooit sal kan bereik: Sy maagdelike konsepsie en sy wonderwerke.

Indien Jesus werklik uniek is, stort die hele sisteem van “Christelike” panenteïsme in duie.

Panenteïste doen dus alles in hulle vermoë om Christus se uniekheid, dus sy maagdelike konsepsie en wonderwerke te ontken of verdag te maak. Ek het reeds na panenteïsme se verwerping van God se almag, en dus Christus se vermoë om wonderwerke te doen, verwys. Ek sal hier dus net fokus op sy maagdelike konsepsie.

### **Dr Ben du Toit**

Kyk hoe maak Dr Ben du Toit Jesus se maagdelike konsepsie verdag in sy boek “God? Geloof in 'n postmoderne tyd.”:

“Buitendien bly dit nog steeds 'n vraag of die verwysing na die “maagd” Maria 'n aanduiding was van 'n fisiologiese toestand, of 'n aanduiding van sosiale status: Dat sy met ander soorde 'n ongetroude jongmeisie was. Wat presies gebeur het sal ons nooit werklik weet nie. Die inligting is heeltemal te kripties en onvolledig.” (bl 137)

“Binne die postmoderne tyd word sulke standpunte egter gelees en gesien binne die historiese konteks van daardie tyd- met al dit wat die historiografie ons vandag leer; met dit wat ons weet via die literêr-wetenskaplike insigte. Dit sou ons kon uitbring by die gevolgtrekking dat ons waarskynlik nooit regtig sal weet wat bedoel is met “gebore uit die maagd Maria” nie, maar buitendien sal dit nie dieselfde kennisbasis hê as waaroor ons vandag beskik vanuit mediese navorsing nie. Hoekom nie? Want die Bybelse geskrifte is voorwetenskaplik en werk met 'n voorwetenskaplike wereld- en lewensbeskouing.” (bl 148)

En dan maak hy op bl 148 die gevolgtrekking: Jesus se verlossingswerk hang tog in elk geval nie van sy maagdelike geboorte af nie, maar van sy dood aan die kruis.

Wat du Toit hier verswyg is dat sy hele teologie daarvan afhanklik is dat Jesus nié uniek is nie – dus is dit vir hom baie belangrik om die maagdelike geboorte te ontken! (Maar op so 'n manier dat hy nie onder die tug geplaas kan word nie!)

### **Prof Andries van Aarde en Prof Jurie le Roux**

Verwys ook na Andries van Aarde, Hervormde teoloog by Tukkies se teologie fakulteit, se boek “Fatherless in Galilee.”<sup>xliv</sup> Hy skryf op bladsy 72:

Despite the absence of dear historical proof, twenty-nine percent of the fellows of the Jesus Seminar judge it possible that Mary's pregnancy might have been the result of either rape or seduction, while four percent are convinced of that. Almost all of the members (ninety nine percent) are convinced that the reports in Matthew and Luke that Jesus was conceived by the Holy Spirit constitute not a historical statement but a theological one. The majority of the fellows of the Jesus Seminar is also uncertain whether Mary was a virgin at the time of conception. They argue that she probably became pregnant when Herod the Great was the "king of the Jews."

Prof van Aarde was natuurlik self 'n lid van die “Jesus Seminar.” Mens moet dus aanvaar hy was een van die 99% wat seker was dat die verslag oor Maria se bonatuurlike konsepsie nie histories was nie en dit dus nie werklik plaasgevind het nie, maar dat dit slegs 'n teologiese stelling was.

Maria was dus ook nie 'n maagd tydens konsepsie nie.

Op bl 103: (Beklemtoning myne)

But it is also a fact that the mythological idea of a son conceived by some deity or other was taken over by Hellenist Egyptians within the Israelite tradition and applied to the "Holy people" of the First Testament. This mythological idea was not only known to the Greek tradition (e.g, the birth story of Asclepios, son of a mortal mother Coronis, but conceived by the god Apollo, son of Zeus), it was also a general notion within the context of the Babylonian, and particularly, the Egyptian royal legend. Since this idea was well known in Hellenistic Egypt, ***it is not surprising that the legend of the virgin birth appeared early on in Hellenistic Christianity.*** Within the Greco-Israelite tradition, it is not unusual to be confronted by the mythological notion of divine beings impregnating mortal women. [...]

As far as the Lukan birth narrative is concerned, ***research has convinced me that placing it against the background of the divine son myths*** in contemporary Greco-Roman literature provides the clearest explanation. This research is particularly supported by the work of Rudolf Bultmann, Walter Schmithals, and John Dominic Crossan. The fact that the legend relating to the virginal conception was unknown to Paul does not necessarily prove that this was not a common idea in non-Pauline Christian circles, even before Paul's time. Virginal conception was a common notion in non Christian circles.

Die stelling dat maagdelike konsepsies 'n algemene idee was in die Helenistiese wêreld is natuurlik louter twak. Van Aarde se vals argument skreeu ten hemele. Nie een van die voorbeelde uit die mitologie verwys na maagdelike konsepsie nie. In elke geval in die mitologie waar 'n onsterflike wese 'n sterflike vrou swanger gemaak het was daar 'n seksdaad by betrokke, dikwels met fantastiese erotiese stories van wellus, verkragting en selfs bestialiteit daarmee saam. In die geval van Perseus het Zeus in die vorm van 'n goue stortvloed in die opgesluite Danaë se skoot geval. Daar is absoluut geen rede om aan te neem dat hier nie seks by betrokke was, soos in al die ander stories nie. Zeus is onder andere daarvoor bekend dat hy die meisie Europa in die vorm van 'n bul besoek het en haar verkrag het.

Dit staan in skrilte kontras met die Lukas verhaal, wat Maria se konsepsie beskryf as 'n skepping van God in die maagd se skoot. “Maar Maria sê vir die engel: “Hoe is so iets moontlik, aangesien ek nog nooit omgang met 'n man gehad het nie?” Die engel antwoord haar: “Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek.” Dit is ook in skrilte kontras met die Apostoliese Geloofsbelydenis se “Gebore uit die maagd Maria.” Hier is nie net sprake van 'n maagd wat swanger geword het nie, sy was 'n maagd totdat sy geboorte geskenk het.

'n Mens staan verstom voor van Aarde se blatante wanvoorstelling in dié verband. Nog meer verstommend is die ongelooflike godslastering wat hy pleeg deur Jesus se geboorte gelyk te stel aan dié van die heidene se pornografiese godeverhale.

Van Aarde se hipotese dat Jesus se maagdelike konsepsie 'n legende is en dat hy as 'n buite egtelike kind grootgeword het word in die NG Kerk se akademiese kringe ontvang asof dit die beste ding sedert gesnyde brood is. Jurie le Roux skyf in 'n artikel oor van Aarde se boek<sup>xlv</sup>:

Van Aarde se boek oor die historiese Jesus is 'n hoogtepunt in die Suid-Afrikaanse Bybelwetenskap. Dit dwing ons om histories te dink, na die vroegste bronne oor Jesus deur te dring, Jesus as 'n eerste-eeuse Mediterreense mens te waardeer, en sy

totale menswees raak te sien. Van Aarde help ons om die worsteling met die opskrifstelling van die Jesus gebeure te verstaan. Elke poging was histories bepaald en selfs uitsluitend. 'n Vaste greep op die historiese Jesus was en is nog steeds byna onmoontlik. En tog blyk dit uit Van Aarde se werk dat ons genoeg weet om die buitelyne van die historiese Jesus te trek. Genoen is bekend dat ons iets van die historiese Jesus se radikale omgee vir die ander kan verstaan. Uiteindelik is Van Aarde se skets van Jesus anders, selfs skokkend anders, maar daarin lê juis sy skoonheid en aantrekkingskrag.

Dit is natuurlik dieselfde Prof Jurie le Roux wat aan Ferdie Mulder gesê het dat ons vandag nie meer in Jesus se liggaamlike opstanding kan glo nie. Soos in die geval van Dr de Villiers se verwerping van die leer van die duiwel in die Ou testament kan mens net aflei dat hierdie afleidings is van hierdie teoloë se onbybelse wêreldbeeld en anti-Christelike geloof, en niks te doen het met eerlike ondersoek en uitleg van die Bybel as gelowige Christene nie.

### **8. Christus se liggaamlike opstanding word ontken.**

Christus se liggaamlike opstanding is die sentrale historiese gebeurtenis van die Christelike godsdiens. Daarsonder is dit alles 'n leuen. Panenteïste is natuurlik vinnig om die opstanding te bevestig, omdat hulle in die lewe na die dood glo. Die vraag is egter hoé Jesus uit die dood opgestaan het. Onthou dat panenteïsme stel dat die skepping van materie devolusie uit god is. Boosheid vind plaas omdat die skepping sy self-godsbewustheid verloor het. Verlossing is evolusie terug na god toe – om tot die besef te kom dat jy wel god is. (Vergelyk die New Age en Buddhistiese konsep van “enlightenment”) Vir Christus om dus in die vorm van “carnis” uit die dood op te staan maak dus geen sin nie! Dit is anti-evolusionêr en teen die proses van “enlightenment”!

“Carnis” is natuurlik die Latynse woord in die oorspronklike Apostolicum wat in Afrikaans vertaal word met “vlees”: Dit kan vertaal word as “vleis” (soos in “chilli con carne” - rooipeper met vleis) of “lyf”. Ons sou dus die Apostolicum kon vertaal met “Ek glo in die opstanding van die vleislyf...”

Die getuieis van die Apostoliese Geloofsbelydenis is dus juis dat Jesus met 'n fisiese, tasbare liggaam, 'n vleislyf, uit die dood opgewek is. Inderdaad is hierdie liggaam nie aan die natuurwette en die ruimtelike en tydsdimensies van die gevalle skepping onderwerp nie, maar dit kan, en het, ook binne ons ruimte en tyd funksioneer. Mens kon aan Jesus se liggaam vat en voel, en dit het vis geëet op die strand van die see van Galilea. Paulus beskryf hierdie verheerlikde liggaam baie raak as 'n “geestelike liggaam”. “Geestelik” omdat die grense van die huidige skepping se natuurwette oorskry en deurbreek, en “liggaam” omdat dit 'n fisiese voorwerp is wat ook binne die huidige dimensies van tyd en ruimte kan funksioneer.

Die finale bewys hiervoor is die leë graf: Daar is 'n onteenseglike, noodsaaklike kontinuïteit tussen Jesus se dooie en sy opgestane liggaam.

Die kwessie van Tukkies se akademici wat die fisiese opstanding verwerp word in detail deur Ferdie Mulder in sy boek “opgestaan”<sup>xlvi</sup> bespreek. Dit is dus nie nodig om hier in detail daarop in te gaan nie. Ek wil tog net die volgende aanhaling uit Dr Ben du Toit se boek “God? Geloof in 'n postmoderne tyd.” hier aanhaal om te wys presies wat die panenteïste oor die opstanding glo (bl 153):

“Weliswaar word hiermee nie teruggekeer tot 'n premoderne wêreld en lewensbeskouing nie,



maar is die spirituele voortbestaan van die mens na die dood, as onvernietigbare energie wat op een of ander manier opgeneem word in die dimensie van die Bron van alle energie (God) aangedui.”

Let op dat hy die liggaamlike opstanding verwerp en beweer dat die mens na die dood voortbestaan as onvernietigbare energie wat deel is van die energieveld van god. (Vergelyk sy ander stellings waar hy die ontologiese skeiding tussen god en skepping ontken.) Hierdie is amper identies aan die Hindoe idee van Nirvana, waar die gelowige ontsnap van die siklus van dood en re-inkarnasie en opgeneem word in die wese van Brahman (die opperwese).<sup>xlvii</sup>

En dit is uiteindelik waarteen ons vandag in die NG Kerk stry: 'n Alteratiewe, heidense godsdiens wat soos 'n parasiet binne ons kerk leef en wat meer met New Age en Oosterse gelowe in gemeenskap het en as met die Evangelie waarmee ons grootgeword het, waartoe ons deur God geroep is en waardeur ons gered is.

## Slot

Die NG Kerk staan by 'n kruispad.

Ek het in hierdie artikel aangetoon dat sekere hoëprofiel individue wat in sleutelposisie in die kerk is die Gereformeerde belydenis verwerp. Hulle dienskontrakte met die kerk vereis dat hulle moet glo dat die belydenisskrifte ooreenstem met die Woord van God. Hulle beweer dat hulle steeds die belydenisskrifte glo; dit is 'n doelbewuste vals voorstelling wat hulle aan hulleself en die publiek regverdig deur die gebruik van 'n postmoderne epistemologie. Ten spyte van die postmoderne epistemologie is hulle nog steeds skuldig aan laakbare bedrog, omdat postmodernisme in sigself 'n verwerping van die Gereformeerde belydenis verteenwoordig.

Die NG Kerk is 'n vrywillige organisasie. Niemand dwing mense soos Julian Muller, Ben du Toit of enigiemand anders om deel te wees daarvan nie. Hulle klagte van vervolging en verdagmakery is dus ongegrond.

Die feit dat hierdie dwaalleraars op sulke hoë vlak en in sulke sleutelposisies aangestel is, is bewys dat hulle deur 'n groter groep individue met mag in die kerk ondersteun en beskerm word in hulle poste. Dr du Toit se persoonlike brief aan Dr Quintus Heine is onteenseglike bewys dat daar 'n doelbewuste poging is om die Gereformeerde belydenis van ons kerk te vernietig en die kerk te transformeer na iets anders as 'n Gereformeerde Christelike kerk. Verwys ook in die verband na die growwe dwaalleer van die “Eietydse interpretasie van die Apostoliese Geloofsbelijdenis”, 'n dokument wat deur die opstellers bedoel is om amptelike beleid van die kerk te word.

### **God gaan sy Heilige Gees aan die NG Kerk onttrek, tensy die NG Kerk haarself bekeer tot die Bybel en die Evangelie.**

Daar moet 'n paar dinge gebeur:

1. Die Algemene Sinode moet homself uitspreek teen die moderne-postmoderne epistemologie en homself verbind tot 'n Gereformeerde epistemologie.
2. Die Algemene Sinode moet homself uitspreek teen enige hermeneutiek wat die Goddelike inspirasie van die Bybel misken of verskraal, en homself verbind daartoe dat die Goddelike inspirasie van die Bybel die basis sal vorm van alle hermeneutiek in die Kerk. Dit is direk afhanklik van die verwerping van die moderne-postmoderne epistemologie en die aanvaarding van 'n Gereformeerde epistemologie.
3. Die Algemene Sinode moet homself uitspreek teen enige teologie of filosofie wat die ontologiese skeidslyn tussen God en skepping vervaag of ontken, omdat dit in wese 'n verwerping van die Evangelie van die Bybel is en die mens verhef tot God. Die Algemene Sinode moet homself verbind tot die Gereformeerde wêreldbeeld soos beskryf in die belydenisskrifte van ons kerk.
4. Daar moet 'n radikale opskudding kom in die akademiese instansies van die kerk. Die kuratorium van die Universiteit van Pretoria behoort korporatief onder die tug geplaas te word (tensy hulle tot bekering kom) omdat hulle doelbewus dwaalleraars soos Julian Muller ondersteun, beskerm en bevorder, en hulle dwaalleer verkondig. Mense wat nie die Gereformeerde epistemologie, hermeneutiek en wêreldbeeld aanhang nie mag nie toegelaat word om ons studente op te lei nie.

Die skrif is reeds aan die muur vir die NG Kerk. Indien hierdie dinge nie vinnig gebeur nie sal die kerk binnekort in wese min verskil van enige ander heidense geloofsinstansie.

Ek bid dat God sal ingryp voor dit gebeur.

## Notas

- i Die Kerkorde van die Nederduits Gereformeerde Kerk, Algemene Sinode, 2007. Artikel 7.
- ii Carson, DA, *Becoming Conversant with the Emerging Church: Understanding a Movement and Its Implications*, Zondervan, 2009. "Postmodernism shares the same beginning point [as modernism], of course, but seeks to empty modernism of its certainty. And God? Especially in hard postmodernism, he is no more than the belief structure of a particular social group. He has no more reality or truth than the belief structure of some other group. Every religious view is as right or wrong as every other religious view. If there is a real God out there, we finite beings have no means of knowing it or him with genuine certainty.
- iii Van Huissteen, W. Du Toit, BJ. *Geloof en Skrifgesag*. NG Kerk Boekhandel. 1982.
- iv Du Toit, BJ. *God? Geloof in 'n postmoderne tyd*. Christen Lektuur Fonds. 2000
- v Kuyper, Abraham, *Lectures on Calvinism*, 1898. "How, now, can we prove that love for science in that higher sense, which aims at unity in our cognizance of the entire cosmos, is effectually secured by means of our Calvinistic belief in God's fore-ordination? If you want to understand this you have to go back from predestination to God's decree in general. This is not a matter of choice; on the contrary, it must be done. Belief in predestination is nothing but the penetration of God's decree into your own personal life; or, if you prefer it, the personal heroism to apply the sovereignty of God's decreeing will to your own existence. It means that we are not satisfied with a mere profession of words, but that we are willing to stand by our confession in regard both to this life and the life to come. It is a proof of honesty, unmovable firmness and solidity in our expressions concerning the unity of God's Will, and the certainty of His operations. It is a deed of high courage because it brings you under the suspicion of high-mindedness. **But if you now proceed to the decree of God, what else does God's fore-ordination mean than the certainty that the existence and course of all things, i.e., of the entire cosmos, instead of being a plaything of caprice and chance, obeys law and order, and that there exists a firm will which carries out its designs both in nature and in history?** Now do you not agree with me that this forces upon our mind the indissoluble conception of one all-comprehensive unity, and the acceptance of one principle by which everything is governed? It forces upon us the recognition of something that is general, hidden and yet expressed in that which is special. Yea, it forces upon us the confession that there must be stability and regularity ruling over everything. **Thus you recognize that the cosmos, instead of being a heap of stones, loosely thrown together, on the contrary presents to our mind a monumental building erected in a severely consistent style.**
- vi Kuyper, A. *Lectures on Calvinism*, 1898
- vii Machen, G. *Christianity and Liberalism*. 1923
- viii <http://74.54.26.123/~kerkbode/?p=582#comment-74p>
- ix de Vries, I. Die (NG) Kerk stoot postmoderne deure oop. Litnet. <http://www.oulitnet.co.za/god/06izak.asp>
- x Muller, J. Om te mag twyfel. 'n Gelowige se reis. Tafelberg. 2011
- xi Bevinding van die gevormagtigde kommissie van ondersoek van die Ring van Pretoria-Oos met betrekking tot die klag van leerdwaling teen Professor JH le Roux (K.O. 2004: Artikel 63.8.9)
- xii Wikipedia, [http://en.wikipedia.org/wiki/Historical-critical\\_method#cite\\_note-Handbook.2C\\_78-0](http://en.wikipedia.org/wiki/Historical-critical_method#cite_note-Handbook.2C_78-0)
- xiii [http://en.wikipedia.org/wiki/Black\\_swan\\_theory](http://en.wikipedia.org/wiki/Black_swan_theory): Black swan events were introduced by Nassim Nicholas Taleb in his 2004 book *Foiled By Randomness*, which concerned financial events. His 2007 book (revised and completed in 2010) *The Black Swan* extended the metaphor to events outside of financial markets. Taleb regards almost all major scientific discoveries, historical events, and artistic accomplishments as "black swans"—undirected and unpredicted. He gives the rise of the Internet, the personal computer, World War I, and the September 11 attacks as examples of black swan events. The phrase "black swan" derives from a Latin expression; its oldest known occurrence is the poet Juvenal's characterization of something being "rara avis in terris nigroque simillima cygno" ("a rare bird in the lands, very much like a black swan") (6.165). In English, when the phrase was coined, the black swan was presumed not to exist. The importance of the simile lies in its analogy to the fragility of any system of thought. A set of conclusions is potentially undone once any of its fundamental postulates is disproved. In this case, the observation of a single black swan would be the undoing of the phrase's underlying logic, as well as any reasoning that followed from that underlying logic. Juvenal's phrase was a common expression in 16th century London as a statement of impossibility. The London expression derives from the Old World presumption that all swans must be white because all historical records of swans reported that they had white feathers. In that context, a black swan was impossible or at least nonexistent. After Dutch explorer Willem de Vlamingh discovered black swans in Western Australia in 1697, the term metamorphosed to connote that a perceived impossibility might later be disproven. Taleb notes that in the 19th century John Stuart Mill used the black swan logical fallacy as a new term to identify falsification.
- xiv Muller, J. Om te mag twyfel. 'n Gelowige se reis. Tafelberg. 2011
- xv de Villiers, G. Jesus is die Een! deur Johan Janse van Rensburg. <http://teo.co.za/artikel/articles/431/1/Jesus-is-die-Een-deur-Johan-Janse-van-Rensburg/Bladsy1.html>
- xvi Strauss, SA, John Calvin and the Belgic Confession, In die Skriflig 27(4) 1993: 501-517
- xvii Calvyn, Johannes, *Institutes of the Christian Religion*, Boek 1, Hoofstuk 5, afdeling 5

xviii Calvin, Johannes, Institutes of the Christian Religion, Boek 1, Hoofstuk 13, afdeling 22

xix Calvin, Johannes, Institutes of the Christian Religion, Boek 1, Hoofstuk 15, afdeling 5

xx Calvin, Johannes, Institutes of the Christian Religion, Boek 1, Hoofstuk 13, afdeling 8

xxi <http://www.teo.co.za/wmprint.php?ArtID=618>

xxii <http://julianmuller.co.za/panenteisme-n-nuwe-verstaan-van-god-vir-n-nuwe-tyd.html>

xxiii Jackson, N. Dwaalleer: Aanval op moderator 'pynlikste'. Beeld, 19 April 2012 Prof. Nelus Niemandt, moderator van die algemene sinode van die NG Kerk, het 'n persoonlike aanval op hom gister bestempel as die pynlikste oomblik wat hy die afgelope 30 jaar op sinodesittings beleef het. Dit het gekom in 'n debat van die kerk se Hoëveldsinode oor lidmate se kommer oor beweerde dwaalleer in openbare uitstrake van die kerk se teoloë. Niemandt het onder meer verwys na 'n video wat in die kerk versprei is waarvan die inhoud volgens hom as leuens ontbloot is. Hy het verwys na verskeie kerklike prosesse wat daarop dui dat daar nie rede tot kommer is oor die teologie van veral die teologie-fakulteit aan die Universiteit van Pretoria nie. Dit sluit in: Tugondersoeke teen dosente, appèlsake, ondersoek deur die kuratorium wat toesig hou oor teologiese opleiding, en 'n gesprek met die ring van Soutpansberg, wat 'n vroeëre vertrouensbreuk met die fakulteit opgehef het nadat hulle hul kommer met dosente bespreek het. Al dié prosesse het gelei tot bevindings dat daar nie dwaalleer is nie. Niemandt het gesê mense wat nie al dié bevindings wil aanvaar nie, "blaf teen die verkeerde boom" as hulle weer 'n leerondersoek wil laat doen.

xxiv Cooper, J. Panentheism, The Other God of the Philosophers. 2008: Classical panentheism posits sufficient transcendence to allow supernatural miracles. Dionysius, Eriugena, Eckhart, and Nicholas of Cusa believed the biblical miracles. Most modern panentheism, however, shares Enlightenment skepticism about supernatural miracles. Heavily influenced by Spinoza and the scientific Neoplatonism of the seventeenth century, it recasts God's immanence in the world as identical to or completely congruent with the order of nature, thereby eliminating the ontological possibility of supernatural miracles. Most Christian panentheists since Schleiermacher have agreed, sometimes even polemicizing against belief in them. There are exceptions, however. Teilhard's theology contains sufficient divine transcendence to affirm at least the supernatural incarnation and resurrection of Jesus Christ. Pannenberg defends the historical resurrection and regards it as an event that has occurred from the transcendent future, not from "above" (super) nature.

**But most contemporary panentheism is wedded so faithfully to current scientific views of nature that it eliminates supernatural miracles, however explained. On this issue it is just another species of modernist theology that challenges the supernaturalism of traditional Christian theology.**

xxv Hierdie staan bekend as die "Epistemiese teorie van wonderwerke": Iets word beskou as 'n wonderwerk omdat die getuies van die wonderwerk nie die onderliggende natuurwette verstaan nie. 'n Radio is byvoorbeeld 'n wonderwerk vir iemand wat uit 'n nie-tegnologiese kultuur kom. Dit is 'n verwerping van God se soewereiniteit as skepper, omdat dit beweer dat God gebind word deur die wette van sy eie skepping.

xxvi In sy "Institutes" spekulêr Calvin of God Adam meer of minder vatbaar vir sonde kon skep, maar hy bevestig Adam se vrye wil. Institutes of the Christian Religion, Boek 1, Hoofstuk 15, afdeling 8 "There was soundness of mind and freedom of will to choose the good. If any one objects that it was placed, as it were, in a slippery position, because its power was weak, I answer, that the degree conferred was sufficient to take away every excuse." En in boek 2.1.4 haal Calvin vir Augustinus aan: "Augustine, indeed, is not far from the mark, when he says (in Psal. 19), that pride was the beginning of all evil, because, had not man's ambition carried him higher than he was permitted, **he might have continued in his first estate.**" Dit is lynreg teen Dr du Toit se "onafwendbare gegewe."

xxvii Calvin, Johannes, Institutes of the Christian Religion, Boek 2, Hoofstuk 3, afdeling 1. Any possible doubt which might exist on the subject is removed by the words of Paul (Eph. 4:23), where, after a description of the old man, who, he says, "is corrupt according to the deceitful lusts," he bids us "be renewed in the spirit" of our mind. You see that he places unlawful and depraved desires not in the sensual part merely, but in the mind itself, and therefore requires that it should be renewed. Indeed, he had a little before drawn a picture of human nature, which shows that there is no part in which it is not perverted and corrupted.

xxviii <http://www.beeld.com/Suid-Afrika/Nuus/NG-Kerk-laai-ruimte-vir-botsende-sienings-oor-duiwele-20111012>

xxix Jackson, N. NG Kerk laat ruimte vir botsende sienings oor duiwel. BEELD, 2011-10-12 22:00 Die NG Kerk se algemene sinode het gister ruimte gelaat binne die kerk vir mense wat glo die duiwel en demone bestaan as persone én vir diegene wat dit nie glo nie. Waaroor almal saamstem is dat die boosheid 'n werklikheid is, dat dit reeds deur Jesus Christus oorwin is, maar dat gelowiges steeds 'n geestelike stryd teen boosheid voer. Oor die aard van die boosheid was daar egter uiteenlopende sieninge. Prof. Johan van Rensburg van Bloemfontein het gesê die Nederlandse Geloofsbelydenis verwys na gevalle engele wat as demone funksioneer. "Ons kan nie sê jy hoef nie dié deel van die NGB te glo nie," het Van Rensburg gesê. Hy het ook opgemerk dat 'n mens die Bybelboek Judas verwerp as jy nie die bestaan van duiwels of demone aanvaar nie. Daarteenoor het dr. Ben du Toit van die Wes- en Suid-Kaapse sinode gesê hy glo nie in die bestaan van die duiwel nie. Hy aanvaar die bestaan van die bose en die verlossing van Jesus Christus egter absoluut. Hy het gepleit dat daar ook vir mense soos hy ruimte geskep sal word. Dr. James Kirkpatrick van Suidoos-Pretoria het hom by Du Toit geskaar en gesê dié siening berus op 'n ernstige vertolking van die Bybel en die belydenisskrifte. Die sinode het besluit daar is ruimte in die kerk vir albei die sienings. Die sinode het ook ruimte gemaak vir 'n bediening van bevryding waardeur duiwels uitgedryf word binne die NG Kerk. Die sinode het egter gemaak dat dit 'n buitengewone bediening moet bly en 'n rits voorwaardes daarvoor gestel. Dit sluit onder meer in dat

'n predikant dit onder toesig van sy kerkraad en ring moet doen en dat die betrokke persone ook vir mediese evaluasie verwyrs moet word.

xxx <http://teo.co.za/artikel/articles/473/1/Satan-in-die-Ou-Testament/Bladsyl.html>

xxxi <http://kerkbode.co.za/?p=1442> Oosthuizen, J. Satan in die Ou Testament? Kerkbode 01/08/2012 Die bestaan van Satan as 'n persoonlike wese is besig om opnuut opslae in die kerk te maak. Sommige lidmate en predikante hou vol Satan bestaan wel as 'n spesifieke wese met 'n persoonlike identiteit, terwyl ander dit ontken. 'n Artikel wat op die Fakulteit Teologie van die Universiteit Pretoria se webwerf teo.co.za verskyn het, verklaar dat Satan as persoon nooit deel van Ou Israel se geloof was nie. Die redakteur van die webwerf en skrywer van die artikel, dr Gerda de Villiers, sê Bybellesers moet versigtig wees om die latere duiwel van die Nuwe Testament en Christelike kerk in tekste in te lees, want “die Ou Testament ken hom nie”. Dr De Villiers sê dit is te betwis of daar werklik 'n figuur in die Ou Testament met 'n persoonlike identiteit is wat “Satan” heet en wat as 'n spesifieke wese bestaan. Aan die hand van verskeie tekste in die Ou Testament ondersoek haar artikel die verskillende kontekste waar “Satan” in die Hebreeuse Bybel voorkom. Sy kom tot die slotsom dat die konsep van die satan as “Bose”, as die Here se aartsvyand in die Ou Testament, afgewys moet word. “Selfs waar hy die mens leed aandoen of beskuldig, staan hy steeds onder gesag van die Here en tree hy nie as God se teenpool op nie.” Die debat oor die bose en die aard daarvan het nuwe momentum gekry na 'n besluit wat die NG Kerk se Algemene Sinode verlede jaar daaroor geneem het. Volgens dié besluit word die bestaan van die bose geensins ontken nie. Die sinode het egter besluit daar is ruimte vir lidmate wat aan die werklike en persoonlike aard van die duiwel en demone glo, en daar is ook ruimte vir lidmate wat die Bybelse spreke oor die bose en duiwels anders interpreteer.

xxxii <http://kerkbode.co.za/?p=152> Oosthuizen, J. Bekroonde boek oor God bygewerk. Kerkbode 17/03/2012 Daar is by hom geen onsekerheid oor die basis van die Christelike geloof nie, maar daar sal gepraat moet word oor die verpakking daarvan. So het die skrywer van die boek God? Geloof in 'n postmoderne tyd, dr Ben du Toit, tydens die bekendstelling van 'n bygewerkte heruitgawe van dié boek gesê. Die eerste uitgawe van God? Geloof in 'n postmoderne tyd is in 2002 met die Andrew Murray-prys bekroon. Dr Du Toit het in die Boeketent op die Woordfees op Stellenbosch gesê daar is wêreldwyd groot skuiwe in die Christendom en baie mense wil nie meer na die pre-moderne uitsprake wat van sommige preekstoel verkondig word, luister nie. Hy meen moderne gelowiges is op soek na 'n intellektuele konteks wat ernstig opgeneem kan word. Dr Du Toit het ook gesê as 'n Christen oor God dink, kan hy nie anders as om oor Jesus te dink nie. “Die God wat ek in Jesus leer ken het, is 'n genadige God wat liefhet en omgee.” Dr Du Toit sê sy hele betoog in die boek is om nie die boodskap uit die teks te haal nie. Daar moet egter in gedagte gehou word dat ons vandag in 'n totaal ander wêreld leef as die Bybelskrywers en daarom kan moderne mense hulle nie indink hoe mense in die Bybelse tyd oor bepaalde sake gedink het nie. Wetenskaplikes is baie meer beskeie oor hulle “waarheid” as wat godsdiensiges soms is omdat hulle bevindings altyd aan toetse onderworpe is en bly, het dr Du Toit gesê. Hy meen egter daar is bepaalde fundamentele waarhede wat die geloof kenmerk. Vir hom as Christen is Jesus die enigste weg. “Ek is egter nie bereid om te bespiegel oor wat met mense van ander gelowe gebeur na die dood nie, want ek weet nie.” Die bygewerkte heruitgawe van God? Geloof in 'n postmoderne tyd word uitgegee deur Griffel Uitgewers.

xxxiii <http://www.renaissancegem.co.za/>

xxxiv Muller, J. Om te mag twyfel. 'n Gelowige se reis. Tafelberg. 2011

xxxv Jones, T. Reimagining Christianity. Wiley. 2004

xxxvi RSG, Kruis en Dwars 22/04/2012. Die potgooi is hier beskikbaar:

[http://www.rsg.co.za/images/upload/sound/klanke/20120422\\_KRUIS\\_EN\\_DWARS.mp3](http://www.rsg.co.za/images/upload/sound/klanke/20120422_KRUIS_EN_DWARS.mp3)

xxxvii By 38:30 minute van die onderhoud.

xxxviii Jones, T. A Better Atonement: Beyond the Depraved Doctrine of Original Sin. The JoPa Group. 2012

xxxix Jones is 'n groot dissipel van Jurgen Moltmann, die beroemdste panenteïs van ons tyd en vader van die ontluikende kerk. Lees maar wat hy skryf oor Moltmann se boek oor panenteïsme hier:

<http://www.patheos.com/blogs/tonyjones/2012/01/12/god-in-creation-a-defense-of-panentheism/>

xl Ek het in twee persoonlike gesprekke met Prof Niemandt gepraat oor panenteïsme. In die eerste gesprek het hy gesê: “Ek voel gemaklik met die taal van tradisionele teïsme.” Wat sou dit beteken? In die tweede gesprek het hy geweier om homself in die openbaar van panenteïsme te distansieer. Op grond van sy bewese bewondering van Moltmann (Hy het in die onlangse verlede gereeld vir Moltmann op Facebook aangehaal) moet ons aanneem dat hy 'n besondere affiniteit vir panenteïsme het, al sal hy dit blykbaar nie openlik in die openbaar erken nie.

xli Jones, T. A Better Atonement: Beyond the Depraved Doctrine of Original Sin. The JoPa Group. 2012

xlii Ek moet net hier noem dat Jones een van die min panenteïste is wat die liggaamlike, historiese opstanding van Christus bevestig. Daar is geen ortodoksie onder panenteïste nie – soveel panenteïste soos wat daar is, soveel opinies is daar skynbaar.

xliii Cooper, JW. Panentheism: The other god of the philosophers. From Plato to present. Baker Academic. 2006.

xliv Van Aarde, AG. Fatherless in Galilee: Jesus as Child of God. Trinity Press Int'l. 2001

xlvi Le Roux, J. Andries van Aarde se vaderlose Jesus. HTS 58(1) 2002

xlvi Mulder, F. opgestaan. opgestaan Publikasies. 2011

xlvi <http://en.wikipedia.org/wiki/Nirvana>